UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
23. SEP. 1939
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

W I L G E N H O F.

DIE GESKIEDENIS VAN 'N LOSIESINRIGTING OP STELLENBOSCH.

Proefskrif ingehandig ter verkryging van die graad B.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch.

---

deur

M. P. MARAIS.

---

aan:

ALLE WILGENHOFFERS .

1939.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUD.

Bls.

HOOFSTUK I.

HISTORIESE INLEIDING.

§ 1. Vorige eienaars van Wilgenhof..... 1

§ 2. Eerste koshuise vir herestudente op Stellenbosch..... 6

HOOFSTUK II.

WILGENHOF ONDER DIE HUISVADERS.

§ 1. Wilgenhof word 'n koshuis vir herestudente.. 13

§ 2. Wilgenhof onder die Victoria Kollege..... 21

HOOFSTUK III.

WILGENHOF ONDER SELFBESTUUR.

§ 1. Van die doopkomitee tot die eerste huiskomitee 1906-1920..... 24

§ 2. Selfbestuur onder 'n primarius en huiskomitee..... 36

§ 3. Die ontwikkeling van 'n tugliggaam..... 51

§ 4. Die ontwikkeling van ander huisliggame..... 60

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bls.

I. Die Leeskamerkomitee..... 60

II. Ander huisliggame..... 64

III. Die doop van Wilgenhof..... 70

HOOFSTUK IV.

SAMEVATTING..... 73

BRONNE..... 78

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I.

HISTORIESE INLEIDING.

1. VORIGE EIENAARS VAN WILGENHOF:

Die perseel waarop Wilgenhof vandag gebou is, was in die dae van die Oos-Indiese Kompanjie deel van die weiveld van die burgers van Stellenbosch.

Die eerste leninghouers was P. J. Cats en sy vennoot P. A. de Vos, wat op 1 Januarie 1817 die grond waarop die geboue vandag staan, as leningsplasie van Lord Charles Somerset ontvang het teen betaling van slegs 8 riksdaalders per jaar.[1]

Op bygaande kaart is dit die gedeelte wat ingesluit word deur B C D E F Q P O N L G R.

Cats en De Vos het in 1817 reeds die eerste geboue opgerig,[2] bestaande uit 'n woonhuis wat uiterlik nog byna onveranderd is, (A op bygaande kaart), dan 'n stokery, (B op bygaande kaart), en 'n ry pakkamers (C op bygaande kaart).

---

1) Stellenbosch Quitrents Vol. II, No. 61.
2) Volgens kaart geteken deur W. F. Hertzog 20/8/1817.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dele B en C is later vergroot en verander en vorm vandag 'n dubbeleverdieping om as studentekamers te dien. Na die afsterwe van P. A. de Vos het sy weduwee sy aandeel oorgemaak aan P. J. Cats en 'n verband op sy stokery geneem.

Op 14 Julie 1829 koop P. J. Cats die gedeelte L N O P Q van J. F. Muller vir £750 en op 21 Augustus 1829 ook die gedeelte gemerk A B R G H, wat hom beheer gee oor die hele stuk grond waarop Wilgenhof, Bloemhof en Monica later gebou, en die Botaniesetuin aangelê is, sowel as 'n deel van die grond waarop Harmonie staan.[3] Cats het egter soveel geldelike verpligtings op hom geneem met die aankoop van bogenoemde eiendom, dat hy dit nie alles kon nakom nie, en hy gee toe boedel oor.

Volgens 'n transport, gedateer 19 Oktober 1832, neem die „Stellenbosch Spirit Association" die geboue van die insolvente boedel oor,[4] en A. Faure die gronde. Faure het in die ou huis gewoon wat nog naasaan die Joodse kerk langs Ryneveldstraat te sien is, en op die kaart deur D aangetoon word. Voor sy deur verby het 'n pad geloop en beide die woonhuis en die stokery van Wilgenhof was ook langs die pad gebou, daar dit die front gemaak het. Ryneveldstraat is eers later verleng en as gevolg daarvan is die lyn waarin die drie ou geboue staan nie parallel met die teenswoordige straat nie.

---

3) Transport No. 110 van 1829.
4) Transport No. 32 van 1832.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Verkoop aan Bloemhof 10:3:1905 vir £3000.

Nou deel van HARMONIE.

Nou MONICA.

Nou BOTANIESE TUIN.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Johannes Petrus de Villiers koop in 1839 die geboue van die „Stellenbosch Spirit Association" en die gronde van Faure[5] gesamentlik vir £1,500.

Die nuwe eienaar het dadelik die geboue laat verassureer teen brand, t.w. die stokery vir £750, die woonhuis vir £150 en die pakkamers vir £100.

Ons verneem dat die geboue opgetrek was van kalk en steen, met rietdakke.

De Villiers se stokery was egter nie 'n sukses nie en vanaf 1840 het hy agtereenvolgens drie verbande op die eiendom gelaai om hom van sy lastige skuldeisers te bevry. Die vernaamste verbandhouer was Van Nuldt Onkruydt wat 'n eerste verband van £1,000 gehad het.

In 1848 dreig die verbandhouers om hom insolvent te verklaar, maar hy kon hulle tydelik tevrede stel.[6] Spoedig beland hy egter weer in geldelike moeilikhede en hy gee toe boedel oor.

Begin 1851 maak Van Nuldt Onkruydt 'n aanbod aan die Raad van krediteure, en hulle neem dit aan op 12 November 1851, waardeur hy £875 op die boedel inbetaal.[7] Vermoedelik het die eiendom hom dus £1,875 gekos want ons neem aan dat hy sy verband ook skade gely het.

---

5) Transporte Nos. 141, 142 en 143 van 1840.
6) Transporte Nos. 11 en 12 van 1848.
7) Transport No. 137 van 1851.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kort na hierdie koop sterf Onkruydt en sy weduwee Gertruida Catharina Antoinetta Nielen[8] verkoop die eiendom in die volgende jaar aan Charles Pieter Marais (C. G. Seun) vir slegs £950.

Marais het dit slegs 2 jaar gehou voor hy dit op 5 Augustus 1854 aan Johannes Jacobus de Kock[9] verkoop het vir £1,050.

De Kock trou daarna met die weduwee van Piet Bosman, en vir byna 20 jaar woon eers hy en later sy weduwee in die woonhuis, terwyl vermoedelik 'n Bosman bestuurder van die stokery word, want vir baie jare kry die stokery die naam „Bosman se stokery". Dit kan ook wees dat die Bosmans van die „Stellenbosch winery" die plek gehuur het.[10]

Die weduwee de Kock het die eiendom op 14 Mei 1873 aan Daniel Brink[11] verkoop vir £1,160 en die stokery raak tot totniet. In die gebou waar die stokery voorheen was; huisves Brink nou kleurlinge.

Brink het na 2 jaar alweer verkoop en wel aan Roelof Adriaan Louw[12] vir £1,700. In die tyd van Louw[13] bewoon kleurlinge nog steeds die ou stokery en buitegeboue. Mnr.

---

8) Transporte Nos. 87, 88 en 89 van 1852.
9) Transporte Nos. 82 en 83 van 1854.
10) Alle ou inwoners van Stellenbosch stem ooreen met die naam „Bosman se stokery".
11) Transport No. 250 van 1873.
12) Transport No. 178 van 1875.
13) Volgens sy dogter Mev. Schoeman, van „Eikehof", George.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en Mev. Louw het kosgangers ingeneem, veral lede van hulle familie wat die skole op Stellenbosch wou bywoon.

Dit is in hierdie tyd dat die hoeksteenlegging[14] van die Hoofgebou van die Victoria Kollege plaasgevind het op 22 Desember 1880. Toe hierdie imposante gebou stuksgewyse voltooi is en eindelik op 6 November 1886 sy inwyding gesien het, het die eiendomswaardes in die omtrek dadelik begin styg.

Toe Roelof Louw dan op 4 Desember 1895 sy eiendom aan die rustende dokter Frederick August Hanf verkoop, het hy reeds £3,500 daarvoor gekry.[15] Dr. Hanf, as rustende dokter, wou hom nie bemoei met studente nie. Hy het die kleurlinge laat bly woon in die buitegeboue, maar die pakkamers in stalle verander en die landerye as vrugteplaas gebruik. Op die solder van die woonhuis was sy bergplek vir vrugte.

Toe Dr. Hanf sterf, het Christiaan Ludolph Marais[16] (Oom Christiaan) die eiendom op 'n publieke veiling op 14 Februarie 1902 gekoop vir die som van £4,900. Hy het besef dat die eiendom waardevol was as gevolg van sy ligging so dig by die Victoria Kollege, en hy het die kleurlinge hulle huur opgesê.

Dit was juis in die tyd dat die behoefte aan huis-

---

14) Gedenkboek van die Victoria Kollege, bls. 50-54.
15) Transport No. 7089 van 1895.
16) Transport No. 1342 van 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vesting vir herestudente van die Victoria Kollege sterk gevoel is, en Oom Christiaan het dus ingestem met die plan wat Ds. J. H. Neethling[17] en Professor J. I. Marais voor hom gelê het, nl. om die hele eiendom beskikbaar te stel as 'n koshuis vir herestudente. Hieroor egter in die volgende afdeling.

§ 2. EERSTE KOSHUISE VIR HERESTUDENTE OP STELLENBOSCH.

Daar die Kaapse Onderwys-Departement in die 19de eeu nog nie die belangstelling in die huisvesting van studente en skoliere getoon het, wat dit nou toon deur die bou van koshuise vir skole nie, het die kwessie van losies 'n probleem geword wat plaaslike liggame self moes aanpak.

Op Stellenbosch het veral Professor Hofmeyr hom oor die lot van kosgangers begin ontstel. Hy het gevoel dat daar te min gewaak word oor hulle christelike welsyn in die privaatlosieshuise, waarvan daar 'n hele aantal bestaan het.

Die gevolg hiervan was dat toe Professor Hofmeyr met die hulp van Abraham Kriel (Oupa Kriel) kollektereise onderneem het vir die insameling van fondse om 'n saal vir sy Jongelingevereniging te bou,[18] en daar geld orig was, die ywerige kollektant besluit het om dit aan te wend vir die oprigting van 'n koshuis vir skoolseuns.[19]

---

17) Volgens Mnr. J. D. Krige (Japie Home).
18) J. D. Krige. Huisgenoot 23.1.31, bls. 71.
19) Jongelinge-saal opgerig in 1874.

No. 1.

Het te Huis.

No. 2.

Die nuwe Te Huis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Professor J. I. Marais het ook nog fondse wat hy in Hanover ingesamel het, daarby gevoeg, en Professor Hofmeyr het toe die plaas „Welgevallen" vir £3,000 gekoop, en het persoonlik al die trustgelde beheer as enigste direkteur.

Eers het Professor Hofmeyr die dele van die plaas „Welgevallen" wat nie nodig sou wees nie, verkoop. Die deel waar die Coetzenburg Rugby-velde en die Uniwersiteits-plaas vandag is, is aan Oom Christiaan Marais verkoop vir £500, en die deel laeraf langs die Eersterivier aan W. A. Krige teen £850 (sien bygaande kaart).

In 1885 het Professor Hofmeyr die trust oorgemaak aan Professor de Vos as enigste direkteur, en in dieselfde jaar word planne beraam vir die bou en bestuur van „Het te Huis" (sien bygaande kaart).

Die ou woonhuis is verander in 'n koshuis onder Mnr. J. D. Krige, onderwyser aan die gimnasium en sy vrou, as huisvader en huismoeder.

In Julie 1887 is „Het te Huis" geopen met 2 kosgangers (albei van die Victoria Kollege).

Hoewel die koshuis veral bedoel was vir skoolseuns het Mevr. Professor de Vos dit bewerk dat ook kollege studente toegelaat is.

Reeds aan die begin van 1888 was „Het te Huis" vol, en is die koeistalle van die plaas verander in studente-kamers en „Secunda" genoem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

WELGEVALLEN.



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

„Het te Huis" bestaan dus na 'n jaar al uit 2 geboue. Die ou woonhuis heet van nou af „Prima" en die nuwe gebou „Secunda". Gesamentlik kon hierdie geboue 42 kosgangers huisves. Selfs twee geboue was nie voldoende nie, en die plaaskelder is in 'n koshuis, „Tertia" omgeskep. Langs die kelder is die volkshuisies ook in kamers verander en die deel is soms „Paleis" genoem, maar bly tog altyd deel van Tertia, wat addisionele plek gebied het vir nog 20 kosgangers onder 'n matrone en 'n studente-opsigter, wat as Primarius[20] aangestel is.

Nadat ook „Tertia" vol was, moes „Quarta" gebou word om vir nog 38 kosgangers (weer met 'n matrone en 'n senior student as Primarius) huisvesting te verskaf.

Dit het „Het te Huis" of „The Home" soos dit meestal genoem is, voltooi. Hierdie vier geboue en 100 kosgangers het almal onder een huisvader gestaan, nl. Mnr. J. D. Krige, wat in „Prima" gewoon het as Superintendent.

Later het hy selfs in „Prima" 'n Primarius aangestel om orde te handhaaf met studietye, omdat sy eie pligte te veel geword het.

Vanaf die begin was die Onderwys-Departement se enigste bydrae 'n subsidie van £50 per jaar vir die salaris van die Superintendent, en dit het hulle dan die reg gegee om inspeksie te hou in die koshuise.

---

20) Volgens J. D. Krige.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

„Het te Huis" het so vol gebly en so goed betaal dat dit eindelik by magte was om in die behoefte aan Industriële opleiding vir behoeftige seuns te voorsien en „Industria" kon oprig. Die „Te Huis" het hierdie skool nie alleen gebou nie,[21] maar ook die geldelike verantwoordelikheid op hom geneem, en by die £15 per leerling wat as subsidie van die Onderwys-Departement ontvang is, het die „Te Huis" 'n verdere £9 per leerling bygevoeg. Grond vir tuine is ook gratis verskaf (sien bygaande kaart).

Die £24 per leerling is gebruik om alle onkoste in verband met die skool te betaal, daar die leerlinge self niks betaal het nie, en in baie gevalle het hulle selfs klere van die skool ontvang. Die enigste voordeel wat „Het te Huis" uit die £9 per leerling toelae ontvang het, was die groente wat „Industria" nie self verbruik het nie.

In „Industria" wat voorsiening gemaak het vir 40 leerlinge, is die seuns benewens in tuinmakery, ook onderrig in tuiemakery, skoenmakery en houtwerk onder leiding van 'n Mnr. Uys as onderwyser.

Houtwerk is egter geleer in die geboue wat nou deur die „Pro Ecclesia" drukkery gebruik word. Daar was die instrukteur 'n kleurling, Cerff. Sodra houtwerk egter in die skole[22] ingevoer is in 1894 het Cerff sy leerlinge ver-

---

21) Volgens J. D. Krige, Huisgenoot 23.1.31. bls. 71.
22) Kalender van die Victoria Kollege vir 1894, bls. 38.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

No. 3.

Poort na
Het te Huis.

No. 4.

Die ou
Landbou-
Saal.

No. 5.

Industria.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

loor, en die skrynwerkerswinkel verdwyn.

In die tussentyd het die „Te Huis" alweer te klein geword om die stygende aantal kosgangers te huisves, en met die toestroming van studente en skoliere net na die Anglo-Boere-Oorlog[23] het dit nodig geword om die studente tydelik in die Pro Ecclesia geboue te sit, en ook die Landbousaal het tydelik diens gedoen as slaaplokaal. Hierdie toestand het onmoontlik geword, en selfs met die Primarius-stelsel, wat, soos vermeld deur Mnr. J. D. Krige, ingevoer is in 1888, kon kontrole moeilik gehandhaaf word, en dit strek sekerlik tot groot lof van die Huisvader en die Primarii, - onder wie (Ds.) Willie Marais, (Dr.) H. van Broekhuisen, (Regter) Louwrens,(Dr.) G. B. A. Gerdener en (Dr.) J. J. Levine was, - dat die stelsel nie skipbreuk gely het nie.

Gelyktydig met die ontwikkeling van die „Te Huis" het ook „Eikenhof" ontstaan. Hierdie koshuis het behoort aan 'n „Board of Managers", nl. Ds. J. H. Neethling, Professor J. I. Marais, Mnr. P. U. Fischer en Mnr. W. A. Krige, met Mnr. D. J. de Kock as huisvader. Dit het ook 'n subsidie van die Onderwys-Departement ontvang,[24] en was dus onderhewig aan inspeksie.

Daar die „Board of Managers" hier 'n privaat losies-

---

23) Soos blyk op die volgende bladsy verdwyn Eikenhof ook as herestudente koshuis in daardie selfde jaar.

24) Kalender van die Victoria Kollege 1888-89, bls. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huis gekoop het kon hulle dadelik begin en hulle neem reeds in 1883 kosgangers in. D. J. de Kock het slegs tot 1890 huisvader gebly, want reeds in 1891 vind ons Eerw. J. Macmillan in die amp.

Macmillan bly huisvader tot 1901, toe die „Board of Managers", wat ook tot 1900, toe P. U. Fischer wegval, dieselfde gebly het, die plek aan die „Bloemhof Seminary Board" verkoop, en dit 'n koshuis vir dames word.[25]

Die volgende manskoshuis wat gestig is na „Eikenhof", wat „Concordia". In 1902 het 'n komitee bestaande uit Ds. J. H. Neethling, Professor J. I. Marais, Professor Muller, Dr. Viljoen en Mnr. H. J. Bergh dit gekoop van Mev. Kannemeyer, en laat verander vir die doel.[26] As huisvader vind ons die Rektor van die Gimnasium, Mnr. W. H. Hofmeyr.

Dit lyk asof hierdie koshuis „Eikenhof" moes vervang, maar ons weet ook dat hulle die studente en skoliere wat in 1902 tydelik in die Pro Ecclesia geboue en in die Landbousaal gewoon het in „Concordia" opgeneem het toe dit aan die begin van 1903 ingewy is. Ook „Concordia" was nog onderhewig aan die inspeksie van die Onderwys-Departement.

Benewens hierdie drie koshuise wat ons reeds bespreek het, was daar nog privaat-inrigtings wat deur die Raad van

---

25) Kalender van die Victoria Kollege 1902. Sien binneblad.

26) Kalender van die Victoria Kollege 1903. bls. 123.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Victoria Kollege erken is, daar hulle aan die eise van die Raad met betrekking tot toesig voldoen het. Daar was die losieshuis van Mnr. J. C. Pauw in die Laan,[27] die van Mev. Dreyer, van Mev. Preiss en van Mev. van Niekerk, almal in Dorpstraat.

Ek wil hier byvoeg dat „Concordia" ook eers onder hierdie privaatinrigtings sorteer het, en wel onder die naam „Mev. Kannemeyer se losieshuis", dog sy het die plek verlaat, en dit het toe vir 'n tydjie leeggestaan. Mnr. J. D. Krige van die „Te Huis" wou dit toe aanwend as 'n tak van die „Te Huis" om die kosgangers wat die „Te Huis" nie meer kon huisves nie, in te neem, maar voor hierdie plan ten uitvoer gebring kon word, het die Komitee, wat gevorm is om addisionele losies te verskaf, dit gekoop. Toe Mnr. C. L. Marais in dieselfde jaar 1902, „Willow Grove", nou „Wilgenhof", regoor die straat ook koop[28] het die „Board of Directors" hom ingeneem as 'n direkteur, en die nuwe „Board" het 'n verdere stap in die geskiedenis van losiesinrigtings op Stellenbosch gedoen, want Wilgenhof sou onafhanklik van die Onderwys-Departement staan.

---

27) Kalender van die Victoria Kollege 1903, bls. 122.
28) Transport No. 1342 van 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II.

WILGENHOF ONDER HUISVADERS.

§ 1. WILGENHOF WORD 'N KOSHUIS VIR HERESTUDENTE:

Na die aankoop van „Willow Grove" deur C. L. Marais het die nuwe eienaar op aandrang van Ds. J. H. Neethling en Professor J. I. Marais ingewillig om die vaste eiendom (nou Wilgenhof genoem) te laat herbou as 'n losieshuis vir herestudente.

Om die ou geboue te verander, het hy die dienste van boumeester Jan Kruywagen gebruik,[1] wat eerstens die woonhuis so verander het dat dit 'n eetsaal, 'n kombuis, stoorkamers en enige slaapkamers kon bevat. Hy moes ook die soldervloer stut, om die binnemure, wat hy uitgebreek het om die eetsaal daar te stel, te vervang en om die gewig van die mure en die plankafskortings te dra, wat nodig was om die eertydse solder te verander in 'n woonlokaal vir die huisvader en huismoeder, sowel as 8 studentekamers. Daarby moes hy 'n balkon aanbring op die agterstoep.

1) Volgens Mnre. D. Mostert, P. W. Immelman, G. E. Rowan, J. D. Krige en Prof. J. T. Morrison.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kruywagen se volgende taak was om die voormalige stokery en stalle se dakke af te gooi en die mure hoër te bou sodat dit 'n dubbele verdieping kon word. Daarna moes hy die hoek tussen die twee bestaande geboue toebou om 'n aaneengeslote gebou met 'n balkon te vorm. By die verbreking was dit egter nie moontlik om al die ou mure weer te gebruik nie, daar party so bouvallig was dat hulle nie die groter gewig kon dra nie, en daar staan selfs vandag nog 'n stut teen die agterste gewel om dit veilig te maak.

Hierdie gebou het hy in 44 studentekamers verander wat gewoonlik oor die 80 studente kan huisves. Verder moes hy die nodige buitegeboue en 'n studenteleeskamer bou.

Teen hierdie tyd het die eiendom met sy meublement en geriewe Mnr. C. L. Marais reeds sowat £7,000 gekos,[2] en hy besluit toe om 'n deel van die gronde te verkoop aan die beheerraad van die Bloemhofskool. Die gedeelte wat op die kaart gemerk is, het hy aan hulle afgestaan[3] vir £3,000 op 10 Maart 1905, en in 1907 het hy nog 'n stukkie grond, en wel aan die Harmonie-bestuur vir £500 verkoop.

Die res van die eiendom maak hy eindelik oor aan die „Board of Managers of the Wilgenhof Boarding Establishment" wat ons reeds in Concordia aangetref het. Hulle het hulle werk in Concordia begin in 1902 en vanaf 1903 al hulle kos-

---

2) Volgens Mnr. C. M. Neethling, Sekretaris en Penningmeester van die „Board".

3) Transport No. 778 van 1907 gee dit aan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

No. 6.

Wilgenhof gesien van
Van Ryneveldstraat.

No. 7.

Die Binneplein van Wilgenhof.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huis daar geopen.

Na Wilgenhof gereed was as losieshuis, huur die „Board" dit en einde 1904 open hulle dit ook as 'n koshuis. Eindelik in 1907 maak Oom Christiaan Wilgenhof aan die „Board" waarvan hy nou self 'n lid was, oor[4] vir £2,500.

Soos blyk uit bogenoemde het die „Board" reeds in 1904 Wilgenhof in huur oorgeneem. Professor J. I. Marais het by die openings-plegtigheid gesê: „Hier staan ons nou op die stoep van 'n inrigting waarop die skaduwee van die Departement van Onderwys nie val nie."[5]

Uit bogenoemde aanhaling sal blyk dat dit 'n private onderneming was en dat die „Board", bestaande uit: C. L. Marais, J. I. Marais, C. M. Neethling, H. J. Bergh, W. H. Hofmeyr en J. D. Krige,[6] nie geneig was om dit in die Onderwys-Departement se hande te laat val nie. Dit lyk asof die verhouding tussen die Superintendent Generaal van Onderwys, Dr. Thomas Muir en die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie altyd goed was nie en die „Board" was sterk pro Nederduits soos sal blyk uit hulle „Statutes of the Wilgenhof Boarding Establishment",[7] waarop ons nou kan let.

Die Raad het hom die volgende ten doel gestel:

1. „Objects":

(a) „To promote the welfare of the youth coming

---

4) Transport No. 779 van 1907.
5) Volgens Mnr. J. D. Krige.
6) Ds. J. H. Neethling is oorlede in 1904.
7) Transport No. 779 van 1907 (Bylae).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

from all quarters of South Africa to be educated at Stellenbosch.

(b) To acquire and purchase grounds and buildings for the purpose of boarding and lodging the youth above referred to.

(c) To provide for the education of the youth, morally and mentally.

(d) To extend their scope of operations, if found necessary, and accordingly to purchase grounds and buildings for the above purpose.

(e) To sell, improve, manage, lease, mortgage, dispose of, turn to account, or otherwise deal with all, or any part, of the property vested in the Board of Managers of the said 'Establishment'."

Ander bepalings van hierdie „Statutes" kan as volg saamgevat word:

(a) Die Raad sal uit 6 lede bestaan waarvan 3 'n kworum sal vorm.

(b) Vakatures moet deur die Raad self aangevul word maar by gebreke daaraan deur die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Stellenbosch. Die enigste beperking is dat so'n nuwe lid of lede aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika moet behoort.

(c) Indien die behoefte aan so'n inrigting in die toekoms verdwyn, of as sy voortbestaan ongewens word en g'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verdere reëlings is deur die Raad self gemaak nie, dan sal die bate van die inrigting aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Stellenbosch gaan en hulle moet die gelde dan gebruik vir die opvoeding van lede van die kerk.

As eerste huisvader en bestuurder het hulle Mnr. J. W. Luckhoff, - later hoof van die industrie-skool op George, tans werksaam in die Voortsettingsskool vir Blindes op Worcester - aangestel. Hy is bygestaan deur Mnre. P. J. Roos en H. Webb, albei destyds onderwysers aan die gimnasium. Later vind ons ook Geo. Hofmeyr en die destydse sekretaris van die K.S.V., Ds. G. B. A. Gerdener as assistente.[8)]

Alle sake in verband met losies sou in die hande van die huisvader wees en so ook die kontrole oor geldsake. Intreegeld is vasgestel op £3 en losies £10 per kwartaal, betaalbaar aan die huisvader. Die losies is in 1912 verminder tot £9 10 - per kwartaal en die intreegeld is afgeskaf.

In 1910 het Mnr. Luckhoff na 'n nuwe werkkring vertrek en sy plek as huisvader is ingeneem deur 'n emeritus leeraar Ds. G. A. Scholtz wat vir slegs 2 jaar die belangrike amp beklee het.

In Julie 1912 kom daar meer direkte verband met die Victoria Kollege deurdat Dr. W. A. Joubert, destyds Professor

---

8) Volgens kalenders van die Victoria Kollege 1904-1916.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Nederlands aan die Victoria Kollege. Ds. Scholtz opgevolg het as huisvader.

Finansieël was Wilgenhof nie 'n sukses nie. Daar blyk 'n verskeidenheid van redes te wees wat kan aangevoer word hiervoor.

Die Raad van Direkteure het die insameling van alle gelde in die hande van die huisvader gelaat, en ook die uitgee van geld baie min gekontroleer. Die gevolg was dat baie, te baie, verantwoordelikheid gerus het op die skouers van die huisvader. 'n Huisvader as sulks is ook nie die geskikste persoon om losiesgelde in te vorder nie. Wilgenhof het dan ook spoedig ondervind dat dit 'n nadeel is wanneer geld nie stipt en gereeld ingevorder word en die uitgawes nie gereel word volgens die bedrae wat werklik ontvang is nie. Dit lyk asof die eerste huisvader vertrouende op geld wat betaalbaar was, baie spandeer het op die regmaak van die gronde en later tog nie die nodige geld kon in nie.

Dit is duidelik dat nóg die huisvader nóg die direkteure geneigd was om streng op te tree teen studente wat nie kon of nie wou losiesgelde betaal nie. Dit is dan ook g'n wonder nie dat die balansstaat jaarliks 'n aanmerklike bedrag moes toon as agterstallige losiesgelde.

In 1912 het hierdie tekorte reeds op enige duisende ponde te staan gekom.[9] Dit is opvallend dat dit juis in

---

9) Volgens beide Dr. W. A. Joubert en Mnr. C. M. Neethling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daardie jaar was dat, soos reeds vermeld, die losiesgelde verminder is van £10 per kwartaal tot £9 10 - per kwartaal vir alle tweepersoonskamers en die intreegeld heeltemal afgeskaf is. Daar dit nie vir ons moontlik was om die boeke van die Raad van Direkteure te sien nie kon ons nie vasstel wat gebeur het nie. Dit weet ons egter dat die totale aantal studente aan die Victoria Kollege in 1910 op 371 gestaan het[10] en in 1912 op slegs 347. Verder sien ons dat waar daar vroeër gemiddeld 30 nuwe kosgangers jaarliks in Wilgenhof toegelaat is, die getal in 1910 en 1911 daal tot slegs 12 en 15 onderskeidelik. Nou is dit moontlik dat die koshuis nie vol was nie,[11] maar ook is daar van die kant van die kosgangers self pressie uitgeoefen. Klagtes oor die kos was aan die orde van die dag en die huisvergadering besluit op 15 Oktober 1911 om 'n vermindering van losiesgelde aan te vra.[12] Hierdie vermindering van losiesgelde word, soos reeds vermeld, vir 1912 aangekondig, en ons vind dadelik 29 nuwelinge in Wilgenhof aan die begin van 1912. Dit is ook opmerklik dat die finansies van Wilgenhof vir die volgende twee jaar by wyse van uitsondering 'n oorskot toon en in daardie twee jaar net voor die wêreldoorlog slaag die nuwe huisvader daarin om £800 van die agterstallige rekeninge aan te suiwer en g'n nuwe laste op die skouers van die

---

10) Kalenders van die Victoria Kollege vir 1911 tot 1913.
11) Oud studente van daardie jare verseker my dat hy wel vol was.
12) Sien notule van Wilgenhof huisvergaderinge 15 Oktober 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

direkteure te laai nie.

In 1914 breek die wêreldoorlog uit en dit laat die lewenskoste geweldig styg. Die direkteure het egter besluit om nie die losiesgelde te verhoog nie en weer toon die balansstate jaarlikse tekorte. Gevolglik het Oom Christiaan Marais nooit 'n pennie rente ontvang op al sy kapitaal nie en ook nie een van die ander direkteure wat geld in die inrigting belê het nie.

Onder die slegte finansiële omstandighede van die inrigting was g'n nuwe direkteure wat vakatures op die Raad moes aanvul, gewillig om enige geldelike verpligtings op hulle te neem nie. Die twee nuwe direkteure wat onder hierdie voorwaardes by gekom het was Mnr. P. J. Roos en Ds. D. S. Botha.[13)]

As gevolg van die tekorte het die Raad meer en meer daarop begin aanstuur om indien moontlik, die Victoria Kollege te beweeg om die hele organisasie oor te neem. Die Kollege kon immers makliker geld invorder van studente wie se gelde agterstallig was.

Eindelik dan, in 1916, vind ons die onderhandelings wat uitloop op die koop van Wilgenhof deur die Victoria Kollege. Teen daardie tyd was die laste reeds so hoog dat die direkteure, wat die verpligtings moes dra, groot verliese gely het en elkeen van die vier moes sowat £800 inbetaal.

---

13) Mnr. P. J. Roos beweer dat die finansies sulks was dat hy dit nie kon waag nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Concordia het intussen vanaf 1907 'n koshuis vir skoolseuns geword en dit was dan ook in daardie jaar dat alle skoliere uit Wilgenhof verskuif is na Concordia en Kollege studente is weer van Concordia af verskuif na Wilgenhof om die twee groepe te segregeer, omdat die maatreëls wat by so'n koshuis gepas het, nie gewild was by die studente nie. Concordia is later deur die direkteure aan die „Bloemhof Raad" verkoop.

§ 2. WILGENHOF ONDER DIE VICTORIA KOLLEGE:

Met die koop van Wilgenhof het die Victoria Kollege eenvoudig die kontrole uit die hande van die direkteure geneem, en onder datum 7 Augustus 1917 doen die ses direkteure dan afstand van alle regte ten gunste van die Victoria Kollege[14] vir die som van £6,000.

Dr. Joubert bly nog huisvader, en daar kom min onmiddellike verandering. Selfs die staf, afgesien van die huisvader, het dieselfde gebly.

Die belangrike verskille egter was dat alle losiesgelde nou aan die kantore van die Kollege self moes betaal word, en meeste van die inkope van voorrade is deur die Kollege se eie inkoper gedoen, wat op groot skaal kon koop en beter terme verkry.

Dit is in hierdie tyd dat die aktiwiteite van die Raad van die Victoria Kollege ten opsigte van losiesverskaffing

---

14) Transport No. 6329 van 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

baie uitgebrei het, en ons vind, met die oorgang van die Victoria Kollege in die Universiteit van Stellenbosch, drie sulke koshuise vir herestudente:[15] Wilgenhof met Dr. W. A. Joubert as huisvader, Victoriahuis in Dorpstraat, met Dr. S. F. N. Gie as huisvader en Macdonaldhuis met Dr. D. F. du Toit as huisvader.

Die stelsel van inwonende staf as huisvaders het egter nie op Stellenbosch 'n sukses geblyk nie, en die Universiteitsraad besluit dus om met 'n nuwe stelsel van koshuiskontrole te eksperimenteer.

In Julie 1920 voer hulle dus hier in Wilgenhof, soos elders in Stellenbosch, 'n stelsel in wat 'n ontwikkeling blyk te wees van die stelsel wat reeds deur Mnr. J. D. Krige in die „Te Huis" gebruik is en wat nou saamgesmelt word met die reedsbestaande huiskomitee-organisasie wat in die koshuise goed ontwikkel was, en wat onderlinge verhoudinge tussen studente self gereël het.

Dit was dan 'n stelsel van selfkontrole wat ons as volg kan saamvat:

Die huisvaders verdwyn en 'n matrone word aangestel. Sy sorg vir die losies van die kosgangers. Alle sake van 'n bloot dissiplinêre aard word aan die betrokke studenteliggame self gelaat, met dien verstande dat die Raad sy prerogatief om in te gryp, behou.

---

15) Kalender van die Victoria Kollege vir 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Student met die benaming „Primarius" tree op as verteenwoordiger van die Raad, maar hy word deur die betrokke koshuis self gekies. Tot November 1922 het die Raad vereis dat so'n koshuis 3 name moet voorlê aan die Raad, en die Raad se nominasie is dan finaal.[16] Na bogenoemde datum raak die bepaling dat 3 kandidate moet genomineer word, in onbruik, hoewel die Raad nog die reg van Veto behou.

Die Primarius word bygestaan deur sy eie komitees, wat alle reëls van 'n huishoudelike aard - onderworpe aan die goedkeuring van die Raad - self opstel.

Hierdie stelsel het so suksesvol gewerk van die begin af, dat dit nog in volle gebruik is, en die Raad het sy prerogatief nog so min nodig gehad dat dit al byna verbeurd is.

---

16) Notule van Wilgenhof huisvergaderinge Vol. II, bls. 24.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III.

WILGENHOF ONDER SELFBESTUUR.

§ 1. VAN DIE DOOPKOMITEE TOT DIE EERSTE HUISKOMITEE. 1906 TOT 1920:

Soos reeds vermeld, vind ons 'n huiskomitee aan bewind van sake in Wilgenhof vanaf Julie 1920, met die Primarius as voorsitter en verteenwoordiger van die kosgangers by die Universiteitsraad.

Hierdie komitee het nie skielik in 1920 te voorskyn getree nie. Inteendeel: dit het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis deurgemaak. Reeds in Maart 1906 vind ons sy oorsprong toe daar 'n „Wilgenhof and Concordia Installation Council" gevorm is onder voorsitterskap van P. J. B. Shaw van Concordia.[1] Die huisvader het nie die vergaderings van die „Council" bygewoon nie en het dus ook g'n stem daarin gehad nie.

Die funksies van hierdie komitee was nog baie een-

---

1) Wilgenhof „Log", bls. 22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voudig; vergeleke by die ingewikkelde pligte van die huidige huiskomitee en nagligte, - die nagligte is die moderne tugliggaam - en word as volg in hulle konstitusie omskrywe:

Dat alle sake in verband met die formele doop van nuwe kosgangers en die wettigheid van die doop van enige lid van die inrigting wat hom aan buitensporigheid skuldig maak in die hande van, en aan die goeddunke van, die komitee oorgelaat sal word.[2)]

In 1906 vind ons dus naas die huisvader, slegs 'n doopkomitee. Hierdie komitee is aanvanklik gekies om die doop te reël, maar volgens die reëls wat hulle opgetrek het, word hulle al dadelik ook 'n straf- of tugliggaam en hulle vervul hierin die funksies van die teenswoordige nagligte, hoewel hulle strawwe van 'n totaal ander aard was. Die enigste vergaderings wat hulle dan ook in hulle eerste jaar gehou het, was die in Mei - gedurende die doop - en die op 2 Augustus waar hulle moes optree as tugliggaam, toe 'n kosganger hom sleg gedra het aan die tafel en op die doopkomitee se bevel 'n brief van apologie aan sy tafelmaats moes skrywe.

As doopliggaam fungeer hierdie komitee slegs in die eerste ses jaar van sy bestaan toe die doop aan 'n sg. teosig-komitee oorgedra is.[3)] Onder die ou doopkomitee lyk

---

2) Wilgenhof Notule Vol. I, bls. 100, Art. 3.
3) Wilgenhof Notule Vol. I, bls. 35.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die doop as sulks vir ons baie eenvoudig daar dit in 1906 bestaan het uit slegs die doop van 'n kosganger met water wat agter sy nek en in sy gesig gegooi is totdat hy behoorlik deurweek was daarvan. Na hierdie natgooiery moes hy dan óf 'n resitasie óf 'n sangsolo lewer tot vermaak van die huis.

Die doopstoediening onder die toesig-komitee sal in 'n later paragraaf meer volledig bespreek word.

As tugliggaam het die doopkomitee aanvanklik ook opgetree en, soos reeds vermeld, moes hulle as bemiddelaars optree tussen 'n kosganger en sy tafel, en op verskillende ander geleenthede vind ons soortgelyke voorvalle. Wat die doopkomitee in so'n geval gewoonlik gedoen het, was om die hele huis byeen te roep en dan 'n hofsitting te hou waaroor hulle presideer het en waar die klagtes dan volgens regsprosedure verhoor is.[4] 'n Geval van so'n aard kom voor in Maart 1911 waar die voorsitter, A. C. Stegmann, (nou predikant van Burghersdorp), die huisvergadering as hof byeen geroep het om te besluit oor 'n verlore wartlemoen. In hierdie saak word E. T. Stegmann, (nou Professor), Koos Eksteen, (later magistraat in die Noord-Weste), „Crawshaw" van Wyk, „Lang" Louw en Meintjies daarvan beskuldig dat hulle die wartlemoen verwyder en vermoedelik opgeëet het. Die uitslag van die verhoor was dat A. W. v. d. Horst (Oom

---

[4] Wilgenhof Notule Vol. I, bls. 17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alec.) voorgestel het dat die betrokke kosgangers „geborsel" word. (Hierdie sg. „borsel" was die eerste studenteborsel wat ons teëkom, en dit is interessant om daarop te let dat die benaming in Wilgenhof ontstaan het as gevolg van die grappe van A. C. Stegmann wat 'n ingewing gekry het om 'n man se klere met die plathand te laat uitstof as 'n strafmetode). 'n Mens kry egter die indruk dat deur al die verrigtinge net 'n skyn erns geheers het, want nog dieselfde middag met die veroordeling van E. T. Stegmann en sy handlangers, word A. W. van der Horst van 'n soortgelyke oortreding beskuldig deur D. J. J. de Villiers (tans inspekteur van skole in Kaapland) en hy en vier ander val dus in hulle eie kuil deur ook 'n borsel op die lyf te loop.[5)]

Dat dit nie altyd skerts was nie is duidelik, en dat daar wel deeglik getrag was om op orde en goeie gedrag aan te stuur, is ewe duidelik. In 1909 al bring die doopkomitee M. W. voor die huis omdat hy sonder das aan die tafel kom sit het en die gevolg daarvan is dat so 'n handelwyse veroordeel word as nie binne die perke van behoorlike, goeie smaak nie, en hy word gewaarsku om dit in die vervolg nie weer te doen nie. Dit geld dan ook vanaf daardie jaar as reël vir baie jare dat g'n kosganger sonder das en sokkies die eetmale mag bywoon nie.

Wat vir ons in dié verband wel vreemd voorkom, is 'n

---

5) Notule Vol. I, blse. 19 en 20.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geval waarin B. W. ook gewaarsku word omdat hy met 'n tennispartytjie op die Wilgenhof bane, in die geselskap van die Harmonie-dames gerook het.[6] Dit dien egter slegs om ons tot die besef te bring hoe toestande in dié opsig vanaf 1909 tot nou verander het.

Nog een van hierdie hofsittings wat sy komiese sy het, was dié waarin E. T. Stegmann, P. v. d. Hoven en J. Reyneke aan Ds. Scholtz (die huisvader) moes gaan verduidelik waarom daar van sy varke dood was, en ook apologie aanteken, daar dit blyk dat hulle die varke rondgejaag het (en op dié wyse hulle dood veroorsaak het). Van der Hoven veral het geprotesteer omdat hy beweer het dat hy die ééń man was wat eerstehulp toegepas het en die varke geprobeer regkry het. Sy proteste het egter op dowe ore geval en die drie skuldiges het die onaangename taak te beurt geval om die saak te gaan verduidelik en apologie aan te teken by die eienaar.[7]

As bewys van nuttige werk deur die komitee verrig, vind ons in 1911, dat op voorstel van Eric Louw, (L.V. vir Beaufort West) en P. v. d. Hoven, daar tussen 2 en 4 uur namiddae stilte bewaar word, daar dit anders die werk van kosgangers steur. Hierdie stilte-tye is verder aangevul deur die komitee onder T. B. Pienaar in 1914 met die opstel

---

6) Notule Vol. I, bls. 9.
7) Notule Vol. I, blse. 36-39.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van 'n lys van stilte-tye vir die koshuis, nl. vanaf 8.30 v.m. tot 10.30 v.m., dan weer van 11 v.m. tot 12.15 n.m., weer van 2 n.m. tot 4 n.m. en van 8 n.m. tot die opstaantyd die volgende môre. Behalwe dat daar nou ook „raastyd" is vanaf 9.30 n.m. tot 10 n.m., het hierdie stilte-tye byna onveranderd gebly tot vandag toe.[8)]

Die eerste kosgangers wat straf ondergaan het in 1911 weens oortreding van die stilte-reëls was meesal lede van die doopkomitee, en hulle is elk met 1d. beboet.

Dit was kort na die opstel van die lys van gesette tye van stilte dat die funksie van die doopkomitee as tugliggaam opgehou het deurdat hulle vervang is deur 'n „nagligte"-liggaam van sewe lede. (Die werksaamhede van die nagligte word ook meer volledig bespreek in 'n latere paragraaf).

Selfs die werk wat vandag deur die leeskamer-komitee verrig word, is aanvanklik deur die doopkomitee gedoen en het op die skouers van die sekretaris gerus. Die eerste van hierdie sekretarisse was W. Nicol (nou moderator van die Transvaalse N.G.Kerk), en hy het die fondament gelê van die pragtige leeskamerorganisasie wat ons vandag in Wilgenhof aantref. Dit was in Februarie 1913 dat die werk uit die Sekretaris se hande geneem is[9)] en 'n leeskamerkomitee aangestel is, maar ook hierdie werk is van soveel belang dat dit 'n aparte s verdien.

---

8)Notule Vol. I, blse. 44 en 45.
9)Notule Vol. I, bls. 39.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Laaste funksie van die doopkomitee was om as waaksaamheidskomitee te dien in verband met kosproteste. Daar is nl. meermale beswaar gemaak teen die hoeveelheid en die gehalte van die kos veral in 1912. Die komitee moes al sy takt gebruik om die gemoedere te kalmeer en die uitslag was 'n direkte onderhoud met die Direkteure om die huis se klagtes voor te lê.[10] Kosproteste word weer heftig in 1915 en 1916, moontlik as gevolg van besuiniging deur die bestuur in hierdie oorlogsjare.

In die verbygaan dien daarop gelet te word dat Afrikaans vir die eerste maal gebesig word in die notule op 21 Julie 1914, toe T. B. Pienaar en S. P. van Wyk, (nou onderwyser in die Transvaal), voorsitter en sekretaris respektiewelik was.[11]

Daar word dan ook dadelik 'n voorstel aangeneem dat die sekretaris die notule voortaan kan lees in watter taal hy verkies. (Wat ons tref in die Afrikaans is die feit dat dit nog baie foutief was, b.v. die „Z" wat gebruik word en die „Mhr." vir Mnr.). In daardie jaar word die notule tog nog 'n paar keer in Engels gelees, maar vanaf 1915 kom Afrikaans in algemene gebruik.

---

10) Notule Vol. I, bls. 36.

11) Notule Vol. I, bls. 48 gee die volgende: „Twee nieuwe here het hier aangeland wat gedoop moet word. Mhr. Rosenou stel voor dat die zaak in die hande van die „Nightlights" gelaat word, dit word gesekondeer deur Mhr. Barnard en algemeen aangeneem. De voorzitter zegt dat Dr. Joubert bevole het dat die doop onder geen omstandigheden tussen 12 v.m. en 6 v.m. zal plaas vind."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nog 'n interessante ontwikkeling onder die voorsitterskap van A. C. Stegmann is die herhaalde formele uitnodigings aan Harmonie wat 'n nou band tussen die twee koshuise geskep het wat bestemd was om vir baie jare te bly voortbestaan, moontlik omdat hulle die enigste twee groot koshuise was. Dit lyk asof dit begin het as gevolg van 'n uitnodiging aan Harmonie om 'n inter-debat op Wilgenhof by te woon[12] en die voorstel van P. v.d. Hoven om die Harmonie-dames vrye toegang tot die Wilgenhof dennebos te verleen.

Dit is opvallend hoe die ou grappe in die oorlogsjare verdwyn en plek maak vir 'n byna onverdraagsame houding wat die hele tydperk as dié van stremmende invloede kenmerk. Daar is min sigbare ontwikkeling tussen 1914 en 1918 en ons vind slegs herhaalde verwysings na optrede deur die doopkomitee en die nagligte teen uitbundige rasery saans en snags, wat by tye so erg geword het dat beide die huisvader en Harmonie geprotesteer het. Daar is meer en meer ook 'n gevoel van meerderwaardigheid by die Wilgenhoffer te bespeur. Op 20 April 1917, vind ons 'n voorstel deur Eben van Heerden dat geen eerstejaar in die vervolg die middeltrap mag gebruik nie. Hierdie is die eerste van 'n lang reeks segregasiereëls tussen seniors en eerstejaars in Wilgenhof.

Soos reeds gesê, het die koshuis in 1917 oorgegaan in die hande van die Victoria Kollege.

---

12) Notule Vol. I, bls. 22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die tydperk onder die Direkteure kan ons egter nie vaarwel sê voordat ons korteliks 'n opsomming gegee het van die studente wat in daardie tyd die grondslag gelê het van die nuwere Wilgenhof nie. Onder die voorsitters van die doopkomitees kom name voor soos: P. J. B. Shaw, (nou predikant van die Kakamas nedersetting) wat vir 4 jaar (nl. 1906, 1907, 1909 en 1910) die amp beklee het, en J. G. Strydom wat hom in 1908 opgevolg het. Hy is vandag sendingsekretaris van die N.G.Kerk in die Oranje Vrystaat. Met die hulp van W. Nicol in 1906 en 1907 en P. J. Marais in 1908 en 1909 as sekretarisse, het hierdie mense die fondament gelê, terwyl D. J. J. de Villiers en Jno. Spruit o.a. op die komitees gedien en J. K. Scholtz in 1910, as sekretaris, opgetree het.

Soos ons reeds gesien het, word A. C. Stegmann voorsitter in 1911 en bly dit tot 1913 met: A. S. du Plessis, (nou lektor in opvoedkundige sielkunde op Heidelberg), en vervolgens J. Pauw en T. B. Pienaar, (later Springbok voetbalkaptein), as sy sekretarisse.

Stegmann se opvolger was T. B. Pienaar met S. P. van Wyk (die sekretaris, wat soos vermeld die eerste Afrikaanse notule geskrywe het). W. R. de Villiers was die nuwe voorsitter in 1915, (later predikant van Maclear tot sy dood op 15 September 1919), en S. P. van Wyk was weer sekretaris. In Julie 1915 het E. T. Stegmann, de Villiers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opgevolg en in die volgende jaar het P. du Toit, (nou predikant van Seepunt) met T. C. de Villiers, (nou leraar van Ottosdal), en in die volgende jaar E. G. Malherbe, (direkteur van sensus) as sekretarisse voortgebou.

Dat hierdie studente reeds 'n gevoel van selfstandigheid ontwikkel het wat die latere stelsel van selfbestuur moontlik en wenslik gemaak het, word vir ons al baie duidelik in 1913.

Die Direkteure het in daardie jaar 'n besluit aan die Wilgenhof-kosgangers bekend gemaak: dat enige insubordinasie teenoor die huisvader met die uitsit van die betrokke kosganger sou gestraf word. Hieroor was daar 'n heftige protes, daar die Wilgenhoffers gevoel het dat die omsendbrief 'n onverdiende aanklag teen hulle goeie gedrag was, en uit die aard van die protes blyk dit reeds dat hulle so'n behandeling as 'n onveroorloofde inmenging in hulle huishoudelike sake beskou het.[13] Die protes is aangevoer deur die sekretaris van die doopkomitee, T. B. Pienaar en A. S. du Plessis, 'n lid van die komitee.

Met die oorgaan van Wilgenhof in die hande van die Victoria Kollege het egter nog geen ingrypende veranderinge gekom ten opsigte van die beheer nie. Die huisvader bly nog steeds aan en naas hom die komitee.

Gedurende die jare 1918 tot 1920 staan drie studente

---

13) Notule Vol. I, blse. 43 en 44.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

agtereenvolgens aan die bewind as voorsitters, nl. A. L. Geyer, (redakteur van die Burger), T. E. Dönges, (advokaat in Kaapstad) en C. J. van Dyk, (hoof van die „Nassau" hoërskool in Kaapstad), met in 1915 E. G. Malherbe en vervolgens C. J. van Dyk en B. J. de Klerk as sekretarisse.

Daar hierdie kosgangers Wilgenhof werklik voorberei het vir selfbestuur let ons meer volledig op dié jare.

Dit is in hierdie jare dat ons herhaalde verwysings vind na die oud-Wilgenhoffers wat van Wilgenhof slegs iets goeds verwag en na die grootse tradisie van die plek wat nie mag benadeel word nie. As ons die lys van oud-Wilgenhoffers nagaan, is dit opvallend hoe baie van hulle prominent in die samelewing geword het.

Dit is dan ook nie vreemd om te vind dat selfs die bestaan van 'n tugliggaam soos die nagligte 'n geheim gebly het nie, en dat die name van die lede daarvan nooit publikasie gevind het nie. Selfs vandag nog weet slegs seniors wie hulle is - altans dit is die veronderstelling.

Dit wil ons voorkom asof Wilgenhoffers gevoel het dat dit 'n klad sou wees om selfs te erken dat 'n tugliggaam nodig was.

Dit word nog duideliker uit die feit dat selfs by die opper van klagtes oor die kos, daar herhaalde verwysings is na die feit dat hierdie dinge binne die mure van Wilgenhof moes bly. Dit word die doel van die komitee om elke

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wilgenhoffer te laat voel: dat dit 'n eer is om Wilgenhoffer te wees, dat hy jaloers moet wees op die goeie naam van Wilgenhof,[14] en dat die grootste misdaad wat 'n kosganger kan pleeg, dié sal wees waardeur hy aan daardie goeie naam afbreuk doen. Dit het 'n tradisie geword dat 'n Wilgenhoffer hom buite Wilgenhof waardig moet gedra. Die Wilgenhoffer is inderdaad aangemoedig om hom byna as 'n superieure wese te beskou en om te besef dat uitspattighede benede sy waardigheid was. Daarby het die komitee die mag gehad om sy bevele te laat eerbiedig, want die geheimsinnige besoeke van die nagligte het op senior Wilgenhoffers sowel as op nuwelinge 'n geweldige afskrikkende invloed gehad en selfs die gehardste senior het daarvoor ontsag gekoester.

Dit is dan ook g'n wonder dat ons reeds in 1918 in Wilgenhof stemme begin verneem dat die plek homself kan beheer nie. Daar is gevolglik heftig geprotesteer teen enige inmenging van buite af. Bogenoemde wil nie die indruk skep dat daar g'n samewerking tussen die kosgangers en die huisvader was nie, inteendeel hierdie samewerking kom veral sterk op die voorgrond en in 'n gesamentlike vergadering waar die huisvader, op uitnodiging van die komitee teenwoordig was, blyk dit duidelik dat hulle saamspan om losiesaangeleenthede in Wilgenhof te verbeter.

---

14) Saamvatting deur Dr. A. L. Geyer van „Die Burger".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nog 'n bewuste poging om Wilgenhof saam te bind vind ons onder T. E. Dönges, daar alle Wilgenhoffers gewaarsku word dat elke kosganger 'n sosiale wese moes wees. Dit word dus reël dat elke Wilgenhoffer aan huisfunksies moet deelneem, behalwe met verlof van die komitee wat alleen toegestaan is as hy grondige redes kon aaanvoer om hulle te bevredig. C. J. van Dyk was bestemd om die laaste voorsitter en tevens die eerste Primarius van Wilgenhof te word. Toe hy in 1920 voorsitter geword het, het hy in Julie, met die oorgang tot selfbestuur outomaties, „Primarius" geword.

Aan hom en sy sekretaris B. J. de Klerk, kom die eer toe dat hulle die ou doopkomitee omgeskep het in die huiskomitee.

§ 2. SELFBESTUUR ONDER 'N PRIMARIUS EN HUISKOMITEE:

In Junie 1920 vertrek Dr. Joubert, die huisvader, en met die nuwe semester tree die voorsitter, C. J. van Dyk, op as eerste Primarius van Wilgenhof, en selfbestuur neem 'n aanvang. Sy eerste taak was om die nuwelinge daarop te wys dat elke Wilgenhoffer nie net geskrewe wette nie, maar ook ongeskrewe wette gehoorsaam. Een van hierdie ongeskrewe wette is: stilte oor huissake.

Soos reeds vermeld, het selfbestuur beteken dat die skakel tussen Wilgenhof en die koshuiskomitee van die Universiteitsraad nie meer die huisvader is nie, maar wel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die voorsitter van die huiskomitee. Hierdie student kry 'n afslag in sy losiesgelde, wat hom dan ook al dadelik tot 'n mate bind aan die gesag van die Raad. Kwartaalliks moet hy sekere opgawes aan die Raad verskaf. Hy en sy huiskomitee word verantwoordelik gehou vir die goeie gedrag van die kosgangers, en hy het absolute beheer oor die uitdeling van kamers.

Die handhawing van dissipline word aan hom en sy komitee oorgelaat, en die Raad behou alleen die reg om in te gryp mits daar klagte is of die gedrag en werk van kosgangers dit regverdig.

Dié stap van die Raad was merkwaardig gewaagd want dit het beteken dat die studente byna sonder enige bande van die kant van die kantoor en die huismoeder, hulle eie sake moes reël.

As ons let op die feit dat byna alle studente jonk is en die gemiddelde ouderdom van Primarii en huiskomitee-lede maar sowat 22 jaar is, dan kom die besef nog sterker by ons op, dat die Raad grondige beweegredes moes gehad het om hulle dié besluit te laat neem. Ons voel onwillekeurig dat die eksperiment wat Stellenbosch in Julie 1920 gewaag het, 'n uiting is van die vertroue wat die Raad gevoel het in die inherente onafhanklikheidsin van die Afrikaner. Dit is ook moontlik as gevolg van hierdie sin by die Afrikaner dat die huisvader-stelsel nie gewild was nie daar dit die student

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan bande gelê het.

Die Raad self het die volgende genotuleer: dat die twee betrekkings van huisvader en professor nie in een persoon verenig kan word nie, en dat, onder die bestaande reëling, die bestuur van die koshuise tog reeds in die hande van matrones was. Verder is die kontrole oor die koshuise reeds deur die Kantoor beoefen, en het die inkoper van die Universiteit alle benodighede gelewer. Ook is aangevoer dat losies vir studente destyds moeilik verkrygbaar was, en die woonlokale van die huisvader kon dan ook daarvoor gebruik word.[15)]

'n Verdere oorweging, hoewel nie onder bogenoemde genotuleer nie, was dat die huiskomitees reeds bevoeg was om orde en dissipline te handhaaf.[16)]

Op 17 Maart 1921 is die lys van pligte wat aan die primarii opgedra word as volg omskrywe: Minstens drie dae voor die begin van die akademiese jaar word die primarius van 'n koshuis verwag om aanwesig te wees en minstens een dag voor die aanvang van die universiteitsklasse na ander vakansies. Gedurende die vakansies kan die primarius slegs dan vertrek wanneer al die kosgangers die koshuis verlaat het.

Die primarius moet die Kantoor met al die nodige in-

---

15) Aldus 'n samevatting van die Raadsnotule deur Dr. Wilcocks.

16) Volgens Dr. Wilcocks op 22/5/39.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

formasie omtrent sy kosgangers voorsien en moet sorg dra dat daar soggens en saans behoorlik godsdiens gehou word.

Hy word verantwoordelik gehou vir die handhawing van orde, en moet 'n wakende oog hou oor die behandeling wat meubels en die geboue self ontvang, en, ingeval daar onreëlmatighede voorkom, moet hy dit dadelik aan die Kantoor rapporteer.

Waar nodig, moet hy die Kantoor verwittig van alle klagtes wat hy van kosgangers ontvang."17)

Van bogenoemde pligte het dié waardeur die primarius gebonde is om gedurende vakansies te wag tot al die kosgangers die koshuis verlaat het, reeds deur onbruik verval, daar die stemreg-kwalifikasies van studente vereis dat hulle hulle kamers sal huur vanaf 1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar, en hulle dus geregtig is om hulle kamers gedurende die vakansies te bewoon. Van die primarius kan dus onmoontlik verwag word om op hulle te wag voordat hy self kan vertrek. Wié dan gedurende die vakansies verantwoordelik is vir hulle optrede, is nie duidelik nie, daar nòg die Kantoor nòg die verskillende koshuise die saak aangeroer het, en daar die primarii - in die teorie altans - g'n seggenskap het oor so 'n stemgeregtigde student se kamer nie, dan alleen met die goedkeuring van die huurder self.

---

17) Saamvatting van die sirkulêre aan die Primarii in 1921.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verder verval die hele huiskomiteeorganisasie gewoonlik gedurende die Universiteits-vakansies.

Die matrones, of huismoeders, soos hulle gewoonlik genoem word, moet sorg vir die losies van die kosgangers, die hou van alle boeke nie deur die Kantoor gehou nie, netheid van kamers en van die inrigting oor die algemeen, en hulle het gevolglik ook alle kontrole oor die assistente en die bediendes.

Die eerste van hierdie huismoeders was Mevr. M. Lombard, wat tot die einde van 1934 die lotgevalle van Wilgenhof bestier het. Sy is opgevolg deur Mevr. E. J. E. van der Merwe wat nog die pos beklee.

Volgens korrespondensie met die Registrateur blyk dit dat die primarius-stelsel dadelik goed gewerk het, en in dié verband kan bygevoeg word wat die voorsitter van die Wilgenhof doopkomitee reeds in 1918 gevoel het. Soos vermeld, het die huisvader toe nog gesorg vir die administrasie en geldsake, terwyl die voorsitter as skakel tussen hom en die studente gedien het en saam met sy komitee die studente se belange behartig, en vir die goeie orde gesorg het: „Wat dit betref, kon daar net sowel nie 'n huisvader gewees het nie. Die studente sou dan ook enige inmenging van sy kant gelaak het."[18] In 1920 het bogenoemde veronderstelling werklikheid geword.

---

18) Volgens Dr. A. L. Geyer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit was moontlik toevallig, maar tog in elk geval gelukkig, dat onder die kosgangers wat Van Dyk opgevolg het as primarii van Wilgenhof etlike uitstaande studente was.

Die volgende voorsitter was H. v. d. Merwe Scholtz, (nou professor aan die Universiteit-Kollege, Bloemfontein). Scholtz het reeds in 1913 op Wilgenhof gekom maar het in 1920 as seniorstudent teruggekeer.

Hy bly voorsitter vanaf Januarie 1921 tot Desember 1922. As sy sekretarisse tree op: J. du P. Scholtz en na hom: J. A. Stofberg, (hoof van die Gimnasium, Paarl).

Die volgende voorsitter en sekretaris was J. van Reenen en H. S. van der Walt, (hoofklerk van die Unie-Departement van Verdediging), respektiewelik. In 1924 volg J. Buhr, Van Reenen op as primarius met J. de W. Keyter, (Professor aan die Universiteit-Kollege, Bloemfontein), as sekretaris. Hierdie kosgangers bly aan die bewind in die volgende jaar, totdat Keyter self primarius word in 1926 met J. J. G. Loots, (predikant van Pretoria-Noord) sekretaris. Loots bly sekretaris tot Desember 1928 en werk agtereenvolgens onder die voorsitterskap van J. H. v.d. Walt, (nou van die Unie Departement van Handel en Nywerheid) en A. A. Smuts.

In 1929 tree E. P. Stals op as voorsitter, bygestaan deur A. D. Raats (predikant van Ladybrand), wat toe sekretaris was, maar in 1930 en 1931 self voorsitter word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Raats se sekretarisse was eers C. du T. van der Merwe en na hom G. C. le Roux, (predikant van Hanover).

B. J. Marais, (studente-predikant van die Transvaal), bygestaan deur G. C. le Roux, A. K. de Jager, P. J. Loots, (predikant van Colesberg), en T. de J. van Arkel, (predikant van Port Elizabeth), was die volgende primarius en behou die amp tot Junie 1935. Met die vertrek van Marais volg D. H. Craven, (van die Departement van Volksgesondheid), hom op en in 1936 staan H. de V. Coetzee, (van „Die Burger"), aan die bewind, met F. Geldenhuys, (tans teologiese student), as sekretaris. Geldenhuys bly aan onder C. F. B. Naudé (tans teologiese student).

J. de Vos, (sekretaris van Regter de Villiers), was die volgende primarius in 1938 terwyl O. J. Els die pos van sekretaris vervul het. Op die oomblik tree F. Kellerman en D. J. Kamfer op as primarius en sekretaris onderskeidelik.[19]

Selfs 'n vlugtige blik na bogenoemde name is genoeg om ons te oortuig dat die Raad moontlik 'n groot deel van die sukses van die stelsel aan die gesonde oordeel van die studente, by die keuse van primarii, te danke het. Die uitvoerende komitees het 'n sterk teologiese kleur in byna elk van die jare na 1920 gehad.

Die magte wat binne Wilgenhof, aan die huiskomitees toe-

---

19) Wilgenhof „Log". Blse. 25-68.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gestaan is, verdien ons aandag. Die eerste volledige uiteensetting van die magte van die huiskomitee verskyn onder datum 7 April 1930.

In hierdie kodifikasie kry die huiskomitee jurisdiksie oor dronkenskap, dobbelary, verwaarlosing van studie, kleredrag, ontydige geraas, eerbiediging van huisgodsdiens en tewens die reg om nuwelinge te kies wat Wilgenhof-toe kom.[20)]

Daar die huisreëls vanaf 1931 jaarliks in Maart moet voorgelees word vir die gerief van seniors en die informasie van nuwelinge, word 'n verdere kodifikasie opgestel wat op 7 Mei deur die huisvergadering aanvaar word.

Alle reëls word toe ingedeel in Klasse A, B en C. In klas A word die pligte van die Nagligte uiteengesit, in die gevalle nl. wanneer hulle g'n ander komitee hoef te raadpleeg nie.[21)] Maar in klasse B en C tree die huiskomitee alleen op òf gee die Nagligte opdrag om op te tree. Hierdie indeling het goed gewerk tot 1933. In Mei van daardie jaar het die nagligte haastig opgetree teen 'n kosganger en dit, en die feit dat die nagligkaptein nou ook lid van die huiskomitee geword het, het tot gevolg gehad dat 'n hersiening van die reëls geëis is.

Hierdie nuwe kode sien die lig op 29 Oktober 1933. Weer vind ons die indeling in 3 klasse.[22)] Die nuwe kode

20) Notule Vol. II, blse. 165-170.
21) Notule Vol. II, blse. 193-195.
22) Notule Vol. II, blse. 238-242.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskil aanmerklik van sy voorgangers en die duidelike skeiding van die magte van die nagligte en die huiskomitee maak dit die moeite werd om dit meer volledig weer te gee.

Maatreëls in klas A wat handel oor gedrag, bywoning van klasse, huisfunksies, die drankverbod en koskwessies, val uitsluitlik onder die huiskomitee. Laasgenoemde kan dan aan die nagligte opdrag gee. Vervolgens kom in klas B sulke maatreëls waar die huiskomitee en die nagligte gesamentlik optree. Hierdie B-reëls en ook die C-reëls word meer volledig bespreek in § 3.

In September 1935 volg 'n byvoeging by bogenoemde reëls wat onder die huiskomitee val, waardeur die kontrole oor die Radio-toestel in hulle hande kom.[23] Die sekretaris van die huis sal ook in die vervolg 'n heffing van 5/- per jaar, van elke kosganger invorder, waaruit dan alle ander fondse 'n deel sal ontvang, behalwe sportorganisasies. Hierdie besluit gee dus die huiskomitee kontrole oor byna alle geldelike sake in Wilgenhof. Gelukkig word hulle pligte verminder in 1938 met die aanstelling van 'n koskomitee. Hierdie komitee is op aanbeveling van Dr. Wilcocks in die lewe geroep, daar hy gevoel het dat dié saak te veel van die huiskomitee se tyd in beslag neem en beter deur 'n aparte komitee sou kan beheer word.

Dit word in 1938 ook gevoel dat die verband tussen die

---

23) Notule Vol. III, blse. 7 en 9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huiskomitee en die nagligte nie sterk genoeg is nie en dat 'n huiskomitee-lid in die vervolg op alle vergaderings van die nagligte teenwoordig moet wees.[24] Hierdie verhouding word meer volledig in § 3 bespreek.

Indien die primarius dit nodig ag, roep hy 'n gesamentlike sitting van die twee liggame byeen en daarin tree hy self op as voorsitter.

Hierdie vergaderings word byeengeroep om oor sake wat onder die huiskomitee en nagligte gesamentlik val, te besluit en het jurisdiksie oor ernstige vergrype wat die verdere verblyf van 'n Wilgenhoffer in die koshuis kan raak. So 'n stap kan wel geneem word teen 'n kosganger wat hom skuldig maak aan herhaalde buitensporighede, mits dit die goedkeuring van die betrokke universiteitsowerhede wegdra.[25] Voor hierdie nuwe stelsel behoorlik in werking kon tree, het die onder-voorsitter, G. Pretorius, op tragiese wyse verdrink, en dit het die uitwerking van die verandering vertraag, daar onderlinge geskille tydelik vergeet is. Na 'n jaar werk dit egter nog goed en die opstellers van die „Grondwet" van Wilgenhof in 1939 het dit nie nodig gevind om nuwe reëls by te voeg om hierdie verband te verduidelik nie.

Dit tref ons dat onder die stelsel van primarius en huiskomitee daar so 'n merkwaardige eenstemmigheid bestaan.

24) Notule Vol. III, bls. 78.
25) Grondwet van Wilgenhof vir 1939. Art. 36.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar is slegs enkele stadia in die geskiedenis van Wilgenhof waar groot meningsverskille voorgekom het. Een so 'n geleentheid was in die jare 1924 en 1925.

Dadelik met die ingang van die jaar 1924 moes die komitee sy uiterste kragte inspan om 'n reeks euwels te bestry. Die C.S.V. bybelstudie-kringe is verwaarloos, die godsdiens-oefeninge binne in Wilgenhof en die openbare kerkdienste is veronagsaam en 'n dobbelgees wat te betreur was, het in Wilgenhof losgebars. Hierdie tekens van verslapping het gedreig om die kosgangers in twee kampe te verdeel. Die komitee het dus die geleentheid te baat geneem om die saamhorigheid van Wilgenhof te herstel toe daar sprake van 'n Wilgenhof Rugbyspan kom. Die gevolg was 'n wedstryd op 15 Oktober waarin Wilgenhof die res van Stellenbosch oormeester het. Dadelik was alle tekens van skuuring weg, en dit is by dié geleentheid dat Wilgenhof sy huislied en -wapen gekry het.[26] (Die huislied se toonsetting is volgens dié van die „Marseillaise", en die wapen bestaan uit 'n skild met 'n Wilgerboom, ('n trofee wat selfs die Universiteit van Kaapstad as belangrik genoeg beskou het om in Mei 1939 te „verwyder").

As die komitee gemeen het dat die skeuring finaal oorbrug sou wees, was hulle egter gou teleurgesteld. Wilgenhof het as gevolg van sy prestasie hande-uit geruk en die

---

26) Notule, blse. 64 en 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gevolg was: die aanname van 'n heftige drankverbod en die duidelike bepaling dat die komitee enige man wat hom aan oormatige gebruik van drank skuldig maak uit die huis sou sit.

Omtrent bogenoemde voorstel was daar weer heftige geskille. Selfs op die komitee was daar g'n eenstemmigheid nie, en gaandeweg het liberale en konserwatiewe groepe ontstaan. Laasgenoemde was veral onder leiding van die teologiese studente. Uiteindelik loop dit uit op 'n voorstel wat selfs die Universiteitsraad laat besluit het om in te gryp.

Op 10 Augustus 1925 het 'n liberale lid van die komitee voorgestel: dat die kosgangers van Wilgenhof dit as wenslik beskou dat g'n kweekskoolstudente vanaf die begin van 1926 in Wilgenhof sal loseer nie, en dat die kosgangers die huiskomitee volmag gee om aan hierdie wens uitvoering te gee.[27)]

Hierdie voorstel is met 49 teen 42 stemme aangeneem. Vir die eerste maal in die geskiedenis van Wilgenhof het 'n voorstel gelei tot 'n reeks bedankings van lede uit alle komitees, en dit was eers ná 'n besoek van Dr. Gie, voorsitter van die Senaat, en 'n vergadering waarby hy teenwoordig was en wat geduur het tot middernag, dat vrede herstel, en die genoemde voorstel onvoorwaardelik teruggetrek is.

---

27) Notule Vol. II, bls. 77.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoewel die voorval gelei het tot die verbreking van die tradisionele vriendskap tussen Harmonie en Wilgenhof, het die skeuring binne Wilgenhof self mettertyd verdwyn en die komitee kon hom beywer vir die herstelling van die goeie naam van Wilgenhof. Hulle het begin deur 3 kosgangers kennis te gee dat hulle, weens oormatige gebruik van drank, ander losies moes soek.

Die saamhorigheid van Wilgenhof tree alweer sterk op die voorgrond toe die komitee op 26 Augustus 1926 'n eenparige opdrag ontvang om eers deur waarskuwing en dan deur ander maatreëls op te tree teen kosgangers in gevalle van wangedrag, die ongereëlde bywoon van klasse, algemene verwaarlosing van werk, of die pleeg van enige daad wat die goeie naam van Wilgenhof en Wilgenhoffers mag benadeel.[28] Dit ly g'n twyfel dat 'n soortgelyke voorstel die vorige jaar min hoop op aanname sou gehad het nie.

In alle ander gevalle waar daar geskille ontstaan het, was hulle nog altyd van 'n minder ernstige aard soos b.v. botsings tussen die huiskomitee en die nagligte, soos voorgeval het op 16 Oktober 1929 oor die prosedure wat met die afskeid van die nagligte aan die eerstejaars moes gevolg word. 'n Opdrag in die huisvergadering was egter nog altyd genoeg om strydpunte van dié aard by te lê.

Af en toe ontstaan daar ook verskil van smaak oor kos

---

28) Notule Vol. II, bls. 95.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en die gemoedere loop in 'n protesvergadering soms 'n bietjie hoog, maar selfs daár was die primarius nog altyd by magte om orde te handhaaf.

Ter opsomming kan ons sê: dat die primarius optree as voorsitter van die huis en die huiskomitee, en soos aangetoon, is hy die skakel tussen die studente aan die een kant en die matrone en die Kantoor aan die anderkant. Dit bly nog sý plig, of dié van 'n lid deur hom aangesê, om die huisgodsdiens smôrens en saans waar te neem. In die laaste instansie word hy verantwoordelik gehou vir die handhawing van orde in die koshuis.

Sy komitee bestaan uit: die nagligkaptein as ondervoorsitter, die sekretaris en tesourier van die huis, en drie addisionele lede. Uit hierdie komitee tree die primarius, die nagligkaptein en die sekretaris ook op as 'n sensorraad om alle pleidooie en plakate by die doop na te sien, growwe uitdrukkings te matig, en in die algemeen die doop só te kontroleer dat dit minder aanstootlike elemente sal bevat.

Die huiskomitee, in medewerking met die kantoor, oefen kontrole uit oor die toelating van nuwelinge in Wilgenhof, en hulle moet toesien dat nie meer as drie nuwelinge aan een tafel sit nie. Waar hulle meen dat die gedrag van 'n tafel sulks is dat die tafel ontbind moet word, kan hulle dit doen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die hooftafel egter, sal bestaan uit slegs die volgende: die lede van die huiskomitee en twee nagligte wat deur loting gekies word.[29)]

Die stelsel van kontrole deur huiskomitees het bovermagting vlot gewerk in die afgelope 19 jaar. Selfs die vrees, wat onwillekeurig gevoel word nl. dat dit gevaarlik en demoraliserend kan wees om 'n student op jeugdige ouderdom te belaai met die verantwoordelikheid van 'n primarius, het nog nooit werklikheid geword nie. Sy medestudente voel tewens ook meer vrymoedig om hom te nader met hulle moeilikhede as wat hulle teenoor 'n man wat baie ouer is, sou voel.

Daar bestaan natuurlik die gevaar dat die primarius self nie bo die gevare mag wees wat gepaard gaan met die heterogene kontakte wat hy in die beoefening van sy pligte moet maak nie. Ons verwys weer na die oud-primarii en weer is die oortuiging dieselfde nl. so'n geval van verlies aan persoonlike karakter het skynbaar nog nie voorgekom nie.

As ons die grondwet van Wilgenhof, wat in 1939 gekodifiseer is, lees dan tref die volgende ons dadelik: dat Wilgenhof die leiding van God Almagtig erken, en in die handhawing van die godsdiens 'n kragtige rigsnoer vir die gesonde opbou van die koshuislewe sien,[30)] en dat die vaste

---

29) Grondwet van Wilgenhof vir 1939.
30) Grondwet van Wilgenhof vir 1939. Art. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

komitees sal trag om reg en orde te handhaaf deur 'n opbouende dissipline ter bevordering van die hoogste belange op maatskaplike en akademiese gebied.[31)]

Dat dit die komitees erns by hierdie besluite was, word bewys deur die verwydering van 'n tiental ongewenste kosgangers gedurende die afgelope twaalf jaar.

§ 3. DIE ONTWIKKELING VAN 'N TUGLIGGAAM:

Soos vermeld onder § 1, het die „Installation Council" eers self alle strawwe opgelê. Mettertyd, egter, het 'n liggaam wat onoffisieel gestraf het op eie inisiatief ontstaan.

Volgens oud-Wilgenhoffers blyk dit dat hierdie sg. „nagligte" omstreeks 1910 of 1911 in die lewe geroep is. Dit was egter nie voor 12 Maart 1914 dat ons in die huisverslae iets omtrent die kiesing van 'n dergelike liggaam vind nie.

Dié nagligte het hulle ten doel gestel om na eie goeddunke 'n man wat hom 'n oorlas toon, af te ransel met 'n „borsel", en hulle was gewoonlik vermom daar hulle in die begin onoffisieël gehandel het en onbekend moes bly by hulle nagtelike besoeke. Dus kry ons reeds in 1912 'n geval waar 'n student se hare weens hulle onbeteulde lengte 'n splinter in die oë van sy medekosgangers was. Die gevolg was dat sy hare toe een aand vir hom op 'n onsagte en

31) Grondwet van Wilgenhof vir 1939. Aanhef.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onversigtige wyse gesny is. Baie dergelike voorvalle kan opgediep word uit die herinneringe deur studente van daardie jare. Met die verloop van tyd egter, het die bestaan van dié liggaam 'n erkende saak geword en is nagligte formeel gekies[32] deur die huisvergadering, en die doop van sekere nuwelinge is aan hulle opgedra. (Dit tref ons al dadelik dat dit moontlik aan hierdie feit te wyte is dat die nagligte nou nog soms beskou word as 'n doopliggaam, omdat hulle in die eerste jare van hulle bestaan dié funksie as 'n opdrag by spesiale geleenthede van die huis ontvang het). In Julie 1914 reeds vind ons dat die doopkomitee in 'n volle huisvergadering gewaarsku word om 'n wakende oog te hou oor die verrigtinge van die nagligte.

Die kiesing van nagligte is die volgende jaar versuim, maar toe daar op 5 Maart 1915 die aand geweldig geraas is en selfs die huisvader daardeur gestoor is, volg 'n voorstel vir die kiesing van nagligte om weer orde te herstel, met dien verstande: dat die sewe lede onder die beheer van die „Installation Council" staan.

By die volgende verkiesing word dit duidelik bepaal: dat die nagligte 'n aparte liggaam sal wees en dat g'n lede van die doopkomitee op die nagligte sitting mag hê nie. Die reëlings van die gewone doop vir daardie jaar word ook in die hande van die komitee gelaat, nié in die hande van

---

[32] Notule Vol. I, bls. 46.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die nagligte nie.[33] As tug egter moet uitgeoefen word, moet die nagligte dit doen en dit bestaan dan gewoonlik uit 'n middernagtelike besoek aan die badkamer waar die koue stortbad op so 'n oortreder oopgedraai word. Uit hierdie prosedure is die gewoonte gebore om dit vir so 'n kosganger die moeite werd te maak om 'n bad te neem deur hom toe te takel met rooi en swart verf.

Vanaf 1919 was dit 'n reël dat elke nuweling 'n klein fooi moet betaal as hy aansoek doen om gedoop te word.[34] Met die geld wat so ingesamel word, koop die nagligte dan swart en rooi verf, en soms ook minder gewilde medisyne soos kasterolie, en enige oortreder van die huisreëls loop gevaar om geskilder te word. (Die naam waarmee so 'n bedrywigheid van die nagligte gewoonlik aangedui word is: om iemand te „druk"). Om nuwelinge 'n voorsmaak te gee van wat hulle wag, het die gewoonte ontstaan om hulle kort na hulle aankoms te besoek, en g'n nuweling loop hierdie behandeling vanaf 1918 mis nie. Dit is ook as tradisie gehandhaaf dat die nagligte wel deur die huis gekies word, maar dat hulle name nooit openbaar gemaak word nie. Geen eerstejaar is veronderstel om ooit te weet wie die nagligte is nie, dus moet hy ten alle tye die huisreëls gehoorsaam omdat hy nooit weet wie van die nagligte hom mag sien nie. Om te verhoed dat die identiteit van die nagligte geopenbaar

33) Notule Vol. I, bls. 76.
34) Notule Vol. I, bls. 119.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word, behou hulle ook die alleenreg om tydens hulle besoeke met fyn onnatuurlike stemmetjies te praat.

Vanaf hierdie vroeë ontwikkeling reeds, vind ons ook telkens die versekering dat die nagligte opvoedend moet wees in hulle optrede, en elke oortreder moet weet waarom hy gestraf word. Dit is dan die plig van die kaptein om dit duidelik te laat verstaan aan 'n kosganger as hy besoek word.

Nog 'n interessante ontwikkeling is dié waarin die nagligte langsamerhand die ou groet en afskeid van Wilgenhof, nl. 'n borsel, laat uitsterf het. Dit lyk asof dit as 'n oortreding beskou is om Wilgenhof te verlaat en gevolglik moes so iemand geborsel word. Dit het meegebring dat hy spoedig ook geborsel is by sy terugkeer as verwelkoming. Sodra oortredings met 'n „druk" gestraf is, is die afskeid van 'n Wilgenhoffer óok so gestraf en natuurlik volg dieselfde behandeling by sy terugkeer. 'n Oud-Wilgenhoffer wat hierdie besoek nie te beurt val nie, beskou dit as 'n belediging van die ergste soort.

Dit is ook interessant om te sien dat sodra die nagligte 'n erkende liggaam geword het, die ou metode waardeur die huis as geregshof moes optree feitlik verdwyn het en die saak in die hande van die nagligte gelaat is. Dit word ook hulle funksie: om toe te sien dat daar g'n ongewenste intimiteit ontwikkel tussen eerstejaars en seniors nie en dat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

alle nuwelinge hulle met 'n behoorlike mate van respek gedra teenoor seniors. Dit sou egter verkeerd wees om te meen dat dit nèt op die nuwelinge gemik is. Jaar na jaar tree die nagligte op teen seniors wat te kras aangaan met nuwelinge, veral in die eerste weke van die jaar, en menige Wilgenhoffer kan met leedwese getuig dat hulle optrede dan wel deeglik 'n end gemaak het aan sulke oordrewe ontgroening.

Die eerste werklike botsing tussen die huiskomitee en die nagligte het voorgekom toe die primarius geweier het om hom te onderwerp aan die tug van die nagligte.

Die nagligte het in dié geval klagte teen die primarius gehad en hy het hulle vermaning om hom stipt aan die huisreëls te hou as 'n belediging beskou, en hom daarop beroep dat hy nie onder die jurisdiksie van die nagligte val nie. Wedersydse dreigemente was egter, sover as wat die saak gekom het, en dit het twee jaar geduur voordat finaal besluit is:[35] dat die nagligte by die uitoefening van hulle pligte straf sal uitoefen „sonder aansien des persoons", en vir soortgelyke oortredings konsekwent sal wees met hulle tug. Hierdie besluit in die huisvergadering maak die nagligte dus vir die eerste keer die hoogste gesag in die huis sover dit die oortreding van die reëls in verband met orde betref.

Mettertyd het dit egter duidelik geword dat 'n behoor-

35) Notule Vol. II, bls. 66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

like indeling van die huisreëls nodig is om die twee liggame se funksies te onderskei, en die eerste indeling van reëls waarby dit duidelik word waar die nagligte soewereine mag het en waar nie, vind ons in Mei 1931, met die hersiening van die huisreëls.[36] Toe is die reëls ingedeel in Klasse A, B en C.

In Klas A tree die twee liggame gesamentlik op en in klas B tree die huiskomitee op. Klas C is waar die nagligte alleen optree, en hulle het veral betrekking op stilte, die verhouding tussen eerstejaars en seniors, die gedrag in die eetkamer en kleredrag.

Die indeling kom dus hoofsaaklik hierop neer dat by ernstige klagtes wat onder klasse A of B val, die huiskomitee die beslissing vel. As daar in klas A 'n verskil van mening tussen die twee liggame bestaan, het die huiskomitee die finale seggenskap.

Die primarius behou ook die reg om te alle tye 'n gesamentlike sitting van die twee liggame te belê.

Soos reeds aangetoon by die deel oor die huiskomitee, was daar op 28 Februarie 1933 'n verdere ontwikkeling deurdat die kaptein van die nagligte, wat tot daardie tyd deur sy eie komitee gekies is, nou deur die huis gekies word en dat hy outomaties lid van die huiskomitee word. Dit beteken dat die huiskomitee in die vervolg uit 6 lede en nie

---

36) Notule Vol. II, bls. 193.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meer 5 sal bestaan nie.[37] Toe die nagligte in Mei van daardie jaar egter te haastig opgetree het teen 'n kosganger, was dit die aansporing tot die hersiening van die huisreëls deur die primarius, B. J. Marais. Sy voorgestelde nuwe kodifikasie kom op 29 Oktober 1934 voor die huisvergadering.[38]

Klas A-reëls wat ernstige oortredings verbied, val nou onder die huiskomitee alleen. (Hierdie reëls is reeds onder § 2 meer volledig bespreek).

Klas B-reëls val onder die jurisdiksie van die huiskomitee en die nagligte gesamentlik, met die primarius as voorsitter. Hulle omvat reëls oor dronkenskap, die behandeling van meubels, die verhouding tussen eerstejaars en seniors, dobbelary en bywoning van huisgodsdiens en klasse. Al hierdie reëls word ook as belangrik beskou, en die oortreding van reëls in klasse A en B word as ernstige verbreking van die orde behandel.

Eindelik kom klas C-reëls waar die nagligte op eie inisiatief optree. Hierdie reëls gaan weer oor die bewaring van stilte op gesette tye, die behoorlike afslaan van ligte, kleredrag buite die gronde van Wilgenhof op Sondae en binne Wilgenhof op alle dae van die week, die behoorlike gedrag in die leeskamer en gewone reëls oor orde.

Vir die eerste maal vind ons hier ook 'n lys van ge-

---

37) Notule Vol. II, bls. 228.
38) Notule Vol. II, blse. 238-242.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bruike wat in Wilgenhof geld soas b.v.: die gebruik om nie met die tuine te peuter nie, die meng met bediendes, vergoeding van skade wat 'n kosganger ly as gevolg van die doop of die optrede van die nagligte ens. Hier tree die nagligte en huiskomitee gesamentlik op as daar klagte kom. Ook word bepaal: dat die nagligte ná 1 Mei van elke jaar alle aktiwiteite in verband met eerstejaars sal staak en slegs as 'n tugliggaam sal optree. Daardie verstandhouding bestaan in kern nog, hoewel deur latere byvoegings die bestaan van die nagligte as deel van die dooporganisasie nog verder ingekort is.

Aan die begin van 1935 is, soos reeds vermeld, die band tussen die huiskomitee en die nagligte versterk deurdat die nagligkaptein ondervoorsitter van die huiskomitee word.

Dit het mettertyd egter die gevoel meegebring dat die band tussen die huiskomitee en die nagligte eensydig is deurdat hulle, (die nagligte) altyd op die huiskomitee verteenwoordig is, maar dat die omgekeerde nie die geval is nie, daar die nagligkaptein in die naglig-vergaderings nie die huiskomitee kan verteenwoordig in sy kapasiteit as nagligkaptein nie. Op 3 Maart 1938 volg dan die laaste byvoeging in hierdie verband[39] en dit word toe bepaal: dat die primarius, òf 'n deur hom genomineerde lid van die huiskomitee, op alle nagligvergaderings sitting sal neem met

---

[39] Notule Vol. III, bls. 78.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

volle stemreg.

As gevolg van die herhaalde aanvalle wat van buitestaanders en die Kantoor op die nagligte as doopliggaam gemaak is, ten spyte van die versekering dat sulks nie die geval is nie, maar dat sy funksie bloot dié van 'n tugliggaam is, word op 'n huisvergadering van 26 Oktober 1938 besluit om in die vervolg 'n doopkaptein aan te stel met 'n komitee van 3 onder hom om alle sake in verband met die doop te reël. Een lid en nie meer nie, van hierdie doopkomitee moet 'n tweedejaar wees.[40)]

Hierdie komitee moet hulle program aan die nagligkaptein voorlê vir goedkeuring en die huiskomitee behou die reg om toesig te hou oor hulle werksaamhede. Dit neem finaal die doop uit die hande van die nagligte en hulle word nou suiwer 'n tugliggaam met die reg om enige Wilgenhoffer - insluitende die primarius en hulle eie lede en dié van die huiskomitee - te tug by die verbreking van huisreëls wat onder hulle jurisdiksie val. By verbreking van reëls wat onder die huiskomitee en die nagligte gesamentlik val, moet eersgenoemde se goedkeuring verkry word.

Dit het egter gebruiklik geword om geen besluit in 'n ernstige saak te neem dan alleen nadat 'n eendragtelike stem van so 'n gesamentlike vergadering van die huiskomitee en die nagligte verkry is nie.

---

40) Notule Vol. III, bls. 90.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

§ 4. DIE ONTSTAAN VAN ANDER HUIS-LIGGAME:

1. Die Leeskamerkomitee:

Onder hierdie liggame tel die leeskamerkomitee seker as die belangrikste.

Tot die einde van 1912 het die toesig oor die leeskamer onder die „Installation Council" geval. Dus vind ons reeds in 1910 dat W. Nicol voorstel dat die oorskot van die doopfonds by die leeskamerfonds gevoeg word.[41)]

Hierdie doopfonds is opgebou deur eers 'n 1d. per persoon en later 6d. per kosganger en nog later 9d. per nuweling in te samel. Die leeskamer self is deur die direkteure gebou en sekere blaaie en tydskrifte is kosteloos daaraan verskaf. Alle ander blaaie wat verlang is, moes deur die kosgangers self gekoop word.

Op 14 Februarie 1913 word eindelik 'n komitee van 5 aangestel om die leeskamer te beheer.[42)] (Dit is jammer dat dit nie moontlik is om 'n lys van tydskrifte voor 1917 te kry nie). In Januarie 1917 vind ons egter reeds die volgende blaaie in die leeskamer: Die Huisgenoot, Die Brandwag, „De Burger", „De Goede Hoop", „The Cape Times", „Review of Reviews", „Popular Mechanics" en „My Magazine", en in daardie jaar kom nog „The Missionary Review" en „Red Magazine" by.[43)]

---

41) Notule Vol. I, bls. 12.
42) Notule Vol. I, bls. 39.
43) Finansies Wilgenhof Leeskamer, bls. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vanaf 1917 het die leeskamer egter in die skuld geraak, maar toe die Universiteitsraad in 1919 besluit om 'n toelaag van £3 10 - te gee aan die leeskamerfonds en kort daarna die toelaag verhoog het tot 1/- per kosganger per jaar, het die leeskamer gou ontslae geraak van sy skuld en jaarlikse oorskotte begin toon. Daar word egter soveel gestry oor watter blaaie verkry moet word dat die huiskomitee besluit om 'n lys van reëls op te stel waardeur die leeskamerkomitee die reg kry om alle leesstof vir die leeskamer self te kies, mits hulle die smaak en behoeftes van beide letterkundige- en wetenskapstudente sover moontlik bevredig, en aan die begin van elke semester die kosgangers die geleentheid gee om op 'n huisvergadering aanbevelings te doen.[44] Hierdie komitee slaag eindelik daarin om vanaf 1921 jaarliks oorskotte te toon, en hulle besluit selfs om vir die klavier 'n behoorlike stoel aan te skaf en goeie musiek aan te koop, gesamentlik ter waarde van £3.

In 1923 is getrag om die komitee van 5 te verminder en die gevolg was dat in die vervolg daar slegs 'n voorsitter, 'n sekretaris en 'n tesourier gekies is.

Die volgende jaar, met 'n krediet-balans van oor die £14, besluit die huisvergadering om £4 5 - van die oorskotte aan die dekorasie-komitee van Wilgenhof oor te maak vir die aanlê van blomtuine in die Wilgenhof gronde.

---

44) Notule Vol. I, bls. 156.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit is interessant om te sien dat g'n ou tydskrifte weggegooi is nie. Kosgangers kon hulle by die sekretaris van die leeskamer bespreek teen een-derde van hulle oorspronklike prys. So nie, is hulle per veiling verkoop en die geld in die kas gestort.

Die lys van tydskrifte het ondertussen weer aangegroei en die jaarlikse oorskotte het minder geword. Die kantoor dien ook in 1934 die leeskamer 'n gevoelige slag toe deur die toelaag van sy kant te verminder tot £2 10 - per jaar.[45] Tog bly die leeskamerfonds 'n klein krediet balans behou, en toe die komitee eindelik in 1936 afgeskaf word en slegs 'n sekretaris aangestel word vir 1937, kon die huis nog £1 10 - van hierdie fonds in die meubelfonds vir die gemeenskapskamer stort, en sy lys van tydskrifte verder aanvul. Ondertussen het die leeskamer-heffing van 2/- per kosganger verdwyn en 'n heffing van 5/- per kosganger word jaarliks deur die sekretaris van die huis gein en 'n vaste bedrag van £10 per jaar aan die leeskamersekretaris oorhandig. Met hierdie vaste bedrae van £2 10 - van die Kantoor en £10 van die kosgangers, sowel as ongeveer £2 10 - wat hy van die verkoop van tydskrifte kan insamel, het die leeskamersekretaris dus sowat £15 per jaar om op te reken.

Daarmee kan hy die intekengeld op tydskrifte betaal,

---

45) Finansies van die leeskamer 1934.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van tyd tot tyd aanbeveel dat 'n sekere deel van 'n moontlike oorskot in die Radio-fonds óf skilderye-fonds vir die gemeenskapskamer gestort word òf nuwe nuusblaaie en tydskrifte verkry word.

Op die oomblik teken die leeskamer in op die volgende tydskrifte: „Scientific American", „Popular Mechanics", „The National Geographic Magazine", „The Strand", „John O' London's Weekly", „Punch", „Readers Digest", „New Era", „Farmers Weekly", „Radio Announcer", „World Review" en „Die Kerkbode", terwyl die Loopbaangids, Die Huisgenoot, Die Brandwag, Die Gereformeerde Vaandel, Die Unie, „The Outspan", en „Der Deutsch-Afrikaner" gratis verkry word.

Verder teken die sekretaris in op: Die Transvaler, „The Cape Times" en „The Week-End Argus", maar die leeskamer ontvang: Die Burger, Die Volksblad, Die Vaderland en Die Suiderstem gratis.

Bogenoemde lys bevat dus neëntien tydskrifte, onder andere ook tydskrifte uit die Verenigde State en Engeland, en sewe koerante, en soos die lys sal aantoon, verteenwoordig hierdie koerante en tydskrifte byna alle studierigtinge aan die Universiteit, en dit is sonder twyfel 'n lys van leesstof wat gunstig kan vergelyk by dié van enige ander inrigting van sy soort.

Aan die begin van elke semester kry die kosgangers nog die geleentheid om aanbevelings te doen en die leeskamer-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sekretaris handel dan, indien moontlik, daarvolgens.

Aan die einde van elke akademiese jaar lê hy sy balansstaat aan die huiskomitee voor, wat dit dan auditeer.

Alle nuusblaaie word in die leeskamer op leesrakke geplaas, terwyl die tydskrifte in 'n spesiale rak wat daarvoor in die gemeenskapskamer aangebring is, gehou word en nie daaruit verwyder mag word voordat die volgende uitgawe dit vervang nie.

II. Ander huisliggame:

Onder hierdie liggame tel die C.S.V. Bybelstudiekringe, die dekorasie-komitee, die musiek-komitee en die sportkomitees.

'n Beweging van baie belang in Wilgenhof is die C.S.V. Bybelstudie-kringe wat weekliks vergader. Elke Wilgenhoffer word verwag om aan 'n kring te behoort.

Die kringe word dan ook deur die sekretaris van die huis saamgestel en as leier van elke kring word 'n seniorstudent, mits hy bevoeg en gewillig is om die pligte te onderneem, aangestel. Dit is gewoonlik nie moeilik om sulke kringleiers te kry nie daar die kwota van teologiese studente alléén gewoonlik genoeg is om daaraan te voldoen.

Hierdie kringe bestaan in Wilgenhof vanaf sy oprigting, en hoewel g'n kosganger gedwonge is om kringe by te woon nie, word hy automaties lid van 'n kring en daar hy verwag word om teenwoordig te wees, voldoen meeste studente daaraan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat die waarde van die werk in Wilgenhof in die verlede was en nog is, val moeilik te oorskat en die geleentheid wat hulle aan teologiese en ander studente bied om hulle invloed te versprei, het seker veel bygedra tot die opbouing van 'n gesonde tipe seniorstudent.

Daar die senior in Wilgenhof leiding neem in alle huissake kan die belangrikheid van so 'n beweging maklik gesien word. Die Wilgenhoffer moet eenvoudig tot die besef kom dat 'n bestaan sonder godsdiens nie volledig is nie. Die feit egter dat daar hoegenaamd g'n dwang anders dan die openbare mening uitgeoefen word nie, bring ook mee dat daar minder antagonisme ontstaan as wat die geval sou gewees het by absolute verpligte deelname aan hierdie christelike werk.

Dit is op 1 April 1924 dat Wilgenhof gevoel het dat 'n poging aangewend behoort te word om die terrein te verfraai. Daarop is gewys dat die oorlewende wilgerboom reeds aan die omval was, dat die akkerbome langs die pad na Ryneveldstraat nie by Wilgenhof pas en dat daar g'n grasperk was nie.[46)]

Met die doel voor oë om hierin verbetering te bring, is 'n sg. dekorasie-komitee in die lewe geroep om die akkerbome te verwyder, wilgerbome aan te plant, 'n geskikte terrein aan te wys vir 'n grasperk en verdere voorstelle in dié verband voor die huis te lê. Dit tref ons dat die onkoste van hierdie werk deur die kosgangers self gedra is,

---

46) Notule Vol. II, bls. 51.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en baie werk deur hulle self gedoen is. Daar is af en toe „werkdae" bepaal b.v. die „werkweek" van Oktober 1924 waarin elke kosganger vir drie dae vanaf 3 tot 6 uur n.m. moes werk om die grond om te dolwe en die klippe te verwyder vir die aanplant van 'n grasperk tussen die pad na Ryneveldstraat en Victoriastraat.[47] Hierdie werk is met gretigheid gedoen, veral daar dit oneindig veel geleentheid aan die kosgangers gebied het om grappe te maak en poetse te bak op mekaar. Tenspyte hiervan het die werk egter gevorder en die gras is geplant vir die grasperk hoewel die grond daarvoor nog nie behoorlik voorberei was nie. Toe geld nodig was vir die aankoop van tuingereedskap, het die huisvergadering (sien § 4. 1) van die oorskotte van die leeskamerfonds gebruik om daarin te voorsien, en verder deur af en toe 'n klein heffing op elke kosganger te lê. Verder het die dekorasie-komitee die akkerbome verwyder en vervang deur wilgerboompies. Na hierdie werk voltooi is, het die komitee sy aandag gewy aan die uitbreiding van die blomtuin.

Soos gewoonlik die geval is met soiets, het die kosgangers aanvanklik fluks gewerk, maar met die verloop van tyd het die dekorasie-komitee tot hulle leedwese ondervind dat hulle meeste van die werk self moes doen òf huurarbeid moes gebruik, en daarvoor was fondse nie altyd beskikbaar nie.

---

47) Notule Vol. II, bls. 63.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In Maart 1927 rig die kosgangers dus 'n versoek aan die kantoor om 'n tuinjong te huur en om waterkrane met 'n tuinslang aan te bring. Na 'n onderhoud met die huiskomitee willig die Raad in, en gevolglik vorder die werk vinnig in die jare 1927 en 1928.

Af en toe word werkdae nog uitgeroep soos dié waardeur die terrein teenoor die grasperk skoongemaak is van klippe en blomtuine aangelê is, maar die lopende werk is deur die tuinjong verrig onder toesig van die dekorasie-komitee. Langs die weg is dus 'n aanvang gemaak met die blomtuine wat vandag die terrein versier, en die Wilgenhoffers het weer gevoel dat die wilgerbome die naam van die plek regverdig.

Mettertyd het die entoesiasme egter verflou en die huiskomitee het ook gevoel dat die werk in veilige hande was toe die huismoeder self begin tuinmaak het en die dekorasiekomitee is afgeskaf.

Vanaf 1935 bestaan daar ook 'n musiek-komitee om te sorg vir alle reëlings (aangaande musiek-items by huisfunksies en enige ander geleentheid waar nodig. Hulle oefen kontrole uit oor die klavier in die gemeenskapskamer en is gewoonlik ook die leiers van die sg. „Wilgenhofkraaie" ('n serenade groep) wat serenades op georganiseerde skaal gaan uitvoer by dameskoshuise. Hierdie toertjies word beperk tot slegs eén per jaar en dan gebeur dit alleen

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dán wanneer die organiseerders tevrede is dat die serenade die moeite werd sal wees. Langs hierdie weg het sake ontwikkel tot op 'n stadium waar g'n Wilgenhoffer meer aan die gewone studente-serenades deelneem nie. Op 'n vraag waarom dit dan nodig was, is as antwoord aangevoer dat dit as teëwig teen die oordrewe en ongeorganiseerde geraas van klein groepies, wat teveel inbreuk op die nagrus van die dameskoshuise gemaak het, ontstaan het. Hierdie musiekkomitee onderneem ook gewoonlik die taak om toe te sien dat alle nuwelinge die Universiteitslied sowel as die huislied leer sing, en net voor „Intervarsity" hou hulle jaarliks 'n „sangtoets" vir alle nuwelinge om te sien of hulle bogenoemde sowel as die „Intervarsity"-liedjies ken.

'n Woordjie oor die sportliggame wat mettertyd ontstaan het is nie onvanpas nie: Reeds in 1906 het Wilgenhof die gebrek aan tennisbane gevoel en is 'n begin gemaak met die bou van bane op die voormalige vlei langs Victoriastraat. Hierdie vlei is opgevul met puin wat daarin gery is tydens die gedeeltelike herbouing van Wilgenhof in 1902.

Toe die kosgangers besluit het om tennisbane daar te bou het hulle die werk self aangepak en dit het die taak van alle nuwelinge geword om jaarliks te help met die bou en die latere instandhou van die bane.

Tot 1925 het hierdie werk nie 'n deel van die Universiteitsraad se program gevorm nie en vir die instandhou van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tennisheinings, bane en nette was die betrokke kosgangers self verantwoordelik.

Dit is nog 'n vraag of die stelsel nie kerngesonder was as dié waarin kosgangers teveel hulp van die owerhede ontvang nie, want te dikwels word dié voorregte dan nie genoeg waardeer nie. 'n Voorbeeld hiervan is die sg. „Ping Pong" klub in Wilgenhof wat geheel en al onafhanklik is en oënskynlik baie meer aandag geniet as die tennisklub. Dit is moontlik toe te skrywe aan die korter duur van die spelle en ook omdat dit 'n binnemuurse spel is en reën en wind g'n belemmering is nie; trouens, kosgangers kan daaraan deelneem terwyl hulle wag vir etes. Of dit egter die enigste redes is vir sy aanhang is nie bewys nie, en die indruk bly by 'n mens dat die student waardeer wat hy self geskep het.

Bogenoemde gesigspunt kom ook sterk op die voorgrond in verband met die nuwe gemeenskapskamer. Met die opening van die eerste huisvergadering wat op 12 November 1936 in die vertrek gehou is, kon die voorsitter aankondig dat die huiskomitee die som van £25 aan die Kantoor sou oorhandig vir die aankoop van meubels. Hierdie fonds is ingesamel as gevolg van 'n oproep aan oud-Wilgenhoffers plus 'n oordrag van £1 10 - uit die leeskameroorskot.

Dit is treffend dat daar 'n merkwaardige trots op die netheid van die kamer ontstaan het en dat b.v. op 31 Maart

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1937 voorgestel is dat die benodighede vir die olie, opvryf en skrop van die vloere uit die huiskas aangekoop word, en dat die Kantoor gevra word om voorsiening te maak vir 'n ekstra bediende vir die aan die kant hou van die kamer.[48)]

III. Die Doop van Wilgenhof:

Onder die huiskomitee het ons reeds die oorspronklike Wilgenhof-doop in daardie verband bespreek. Mettertyd is egter 'n aparte komitee, die sg. toesig-komitee benoem om die reëlings daarvoor te tref.

In 1914 word die doop selfs aan die nagligte opgedra en, volgens die huisverslae, het dit heelwat meer ingewikkeld geword as wat die geval was in 1906. Daar was in 1914 al 'n lang reeks formaliteite wat die nuweling moes deurmaak voordat hy 'n Wilgenhoffer kon word, en die ontgroening het gewoonlik van drie tot vier weke aangehou. Gedurende die ontgroeningstyd kon seniors sekere dienste soos die skoonmaak van skoene, die skoffel van paaie en die repareer van die tennisbane, van nuwelinge verg.

Die dra van ontgroeningskleure kom vir die eerste maal te berde op 18 November 1916 toe daar besluit is dat alle nuwelinge in Wilgenhof met die aanvang van 1917 hoede en groen dasse moes dra, en dat waár ook al hulle seniors ontmoet, hulle die hoede eerbiedig sal afhaal.[49)] Meer en meer

48)Notule Vol. III, bls. 45.
49)Notule Vol. I, bls. 84.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kom ons onder die indruk dat die ontgroening daarop aangestuur het om 'n verskrikking te word waardeur die nuweling, gewoonlik pas gematrikuleer, tot 'n besef van sy eie gebrek aan waardigheid gebring moes word. Wilgenhof, soos trouens alle ander universiteits-koshuise, het van die veronderstelling uitgegaan dat die nuweling eers moes besef dat hy niks was nie en min geweet het voordat hy toegelaat kon word om sy plek in die studenteunie te mag inneem en dan bewys te lewer waartoe hy in staat is.

Of die drastiese maatreëls áltyd daarin geslaag het om heilsaam te wees, is twyfelagtig. Dit kon lei tot 'n vernietiging van selfvertroue wat moeilik te herwin sou wees. Dit bly egter 'n onomstootlike feit dat dit in die grootste gros van gevalle sekerlik gelei het tot die besef by die nuweling dat nie hý alleen mens is nie, maar dat hy alleen dán, wanneer hy besef dat hy lid van 'n gemeenskap is, 'n opgevoede mens kon word. Die ontgroening is sonder twyfel die effektiefste middel om verregaande verwaandheid by die student teë te werk. As daarteen dus gewaak word dat sy selfvertroue, selfrespek en werk nie onoorkomelik skade ly nie, doen dit bepaald meer goed as kwaad. In verband met bogenoemde, moontlik oordrewe optrede het die nagligte en die huiskomitee in die afgelope paar jaar 'n nuwe rigting ingeslaan wat trag om alle growwe liggaamlike ontgroening tot 'n minimum te beperk en enige kosganger wat hom daaraan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skuldig maak, gedug te straf. Die sensorraad kontroleer alle plakate en pleidooie gedurende die ontgroeningstyd, terwyl die nagligte gedurig waak teen die onnodige uitbuiting van nuwelinge as gevolg van persoonlike of ander eienaardighede.

Vanaf 1936 het die Universiteitsowerhede ook ingegryp as gevolg van die kritiek op die ontgroening wat in die pers verskyn het, en Wilgenhof moes hom daaraan onderwerp.[50] Die nagligte het hulle funksie as doopliggaam finaal gestaak, en tesame met die huiskomitee, tree hulle op slegs as tughandhawers en as algemene opsigters onderskeidelik.[51] Die duur van die ontgroening is ook beperk tot die eerste twee weke.

Met genoemde stelsel, waar alle handelinge nou onder toesig van verantwoordelike seniors staan, lyk dit nie of die gevaar dat die doop 'n senuweewrak van die nuweling kan maak, meer bestaan nie.

Die ontwikkeling van die doop het dus gegaan van 'n middel tot afskrikking in die rigting van 'n gesonde opvoeding en inlywing by 'n nuwe gemeenskap. En in hierdie nuwe stelsel het die ou eienskap saam met sy doelstelling, skynbaar totaal verdwyn.

---

50) Notule Vol. III, bls. 15.
51) Notule Vol. III, blse. 90 en 91.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV.

SAMEVATTING.

'n Oorsig oor die geskiedenis en ontwikkeling van Wilgenhof vanaf 1903 tot 1939 is nie so maklik nie. Gedurende die 37 jare het ongeveer een duisend studente in Wilgenhof geloseer.[1] As ons in aanmerking neem dat meeste kosgangers drie of meer jare in so'n koshuis bly, word die totale aantal kosgangers baie meer, en kan ons dit op oor die drie-duisend stel uit 'n totale aantal van sowat 27,000 studente wat van jaar tot jaar aan die Victoria Kollege en die Universiteit van Stellenbosch ingeskrywe was gedurende dieselfde periode.[2]

Die vraag kom dan onwillekeurig by ons op: waaraan dit dan moet toegeskrywe word dat dié koshuis so 'n sterk tradisie ontwikkel het, terwyl slegs omtrent een uit elke nege studente gemiddeld in Wilgenhof geloseer het!

Verskillende verklarings lê egter voor die hand en as

---

1) Wilgenhof Log.
2) Jaarboeke van die Victoria Kollege en die Universiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eerste kan aangevoer word: dat Wilgenhof die oudste onder die koshuise is wat nog ononderbroke bestaan; tweedens: dat dit die enigste van die manskoshuise is waarin nou al die 2de geslag studente inwoon. Hierdie eer het Wilgenhof in 1932 te beurt geval en daarna het elke jaar nog sy kwota nuwelinge wat daarop aanspraak maak dat hulle vaders reeds Wilgenhoffers was, gebring. Op die oomblik is daar nie minder as ag van bogenoemde kosgangers nie.

Die genoemde verhoudings van studentetalle aan die Victoria Kollege en die Universiteit kan natuurlik ook misleidend wees. Eerstens is die verhouding van die aantal Wilgenhoffers werklik baie hoër as uit 'n blote vergelyking van die totale blyk, want die totale aantal studente sluit 'n groot aantal damestudente in. Slegs vanaf 1929 tot 1938 tel die damestudente omtrent 4,000; daarby moet dan nog die groot aantal dames kom wat voor 1929 ingeskrywe was. Verder moet ons nie die aansienlike aantal studente wat van iń en oń Stellenbosch kom en gewoonlik nie kosgangers is nie, vergeet nie. Hulle was tot in die laaste paar jare ongeorganiseerd, trouens, dit was die geval met alle studente buite die koshuise vir baie jare. Gevolglik kon Wilgenhof deur sy georganiseerde geheel sowel as die tradisionele vriendskap met Harmonie, 'n leidende rol speel in alle studenteaangeleenthede.

Bogenoemde voorsprong word temeer duidelik as ons daar-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op let dat voor 1917 die getal inskrywings aan die Victoria Kollege nooit 400 bereik het nie en dus nagenoeg die helfte van die herestudente tot daardie jaar in Wilgenhof geloseer het. Na 1917 het die voorsprong verdwyn, maar toe was die tradisie van Wilgenhof reeds opgebou.

Dit het dan ook gebruiklik geword om elke nuweling onder die indruk van die grootse verlede van die plek te probeer bring. Daar is gedurig gewys op die roem wat Wilgenhoffers op die Universiteit, op die sportvelde van Stellenbosch, Suid-Afrika en die buiteland verwerf het. Bokant die deur van elke kamer waarin 'n Springbok-Rugby-speler een maal gewoon het, is 'n paar springbokhorings aangebring. Dit is te betreur dat hierdie trofeë in die afgelope paar jare verwyder is, en dat die nuweling in Wilgenhof vandag moet verneem op goeie geloof, dat 14 Wilgenhoffers Suid-Afrika op die Rugby-velde verteenwoordig het.

Ons kan ook nie nalaat om daarop te wys dat die koshuis besonder gesteld daarop was dat bevredigende uitslae in die akademiese eksamens 'n belangrike deel van elke student se strewe moet wees nie. Dit verklaar vir ons gedeeltelik waarom daar streng toesig gehou word oor die verpligte werkure van nuwelinge. Die huiskomitee en nagligte besef dat meeste studente in die eerste halfjaar van hulle akademiese loopbaan die gewoontes aanleer wat hulle deur hulle studentejare sal bly behou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Ander kenmerk van die koshuis is sy saamhorigheid. Die ou geboue was nooit aantreklik nie, maar daar alles om 'n beperkte binneplein gekonsentreer is, is dit onmoontlik vir 'n student of studente-groep om geïsoleerd te raak en dit lyk dus tog of die bouplan aan te beveel is. Wat meer is: die 100 kosgangers wat jaarliks daar inwoon, is in werklikheid genoeg om nie eng te ontwikkel nie en te min vir die vorming van sterk klieks. Wilgenhof kan dus as 'n aaneengeslote gemeenskap waarvan elke kosganger deel uitmaak, beskou word.

Nog 'n indruk wat sterk by ons opkom, is dit: dat met al die komitees dit vir byna elke Wilgenhoffer moontlik word om gedurende sy studentejare op tenminste een of meer van hierdie liggame te dien waar hy dan ondervinding in administratiewe werk kan opdoen. Deur die strenge geheinhouding van huissake gebeur dit ook dat as daar gevalle van minder goeie gedrag of soiets voorval, die buitestaander gewoonlik nie daarvan te hore kom nie en gevolglik bly die naam van die inrigting ongeskonde.

Ten slotte: Die Wilgenhoffer verkeer altyd onder die indruk dat die kamer waarin hy is en die bodem waarop hy beweeg; verwag dat hy die nagedagtenis van die wat voor hom daarin gewoon en daar beweeg het, nie mag onteer nie. Oud-Wilgenhoffers besef dit, en daarvan lewer die herhaaldelike aansoeke om hulle seuns nêrens anders as in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wilgenhof te plaas nie, vir ons afdoende bewys. Die tradisie van die inrigting verleen die stukrag wat b.v. die nagligte enige tyd van die nag hulle slaap laat opoffer om pligte te vervul wat soms minder aangenaam is, en huiskomitees laat wik en weeg oor besluite asof dit van volksbelang is.

Solank as hierdie tradisies gehandhaaf en nagestreef word, moét die koshuis 'n aanwins vir Stellenbosch en vir die studente vanuit alle dele van die Unie bly.

No. 8.

Die huidige Wilgenhof.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BRONNE.

PUBLIKASIES EN TYDSKRIFTE:

1. Kalenders van die Gimnasium en die Victoria Kollege vanaf 1880 tot 1918. (Biblioteek Univ. van Stellenbosch).

2. Jaarboeke van die Universiteit van Stellenbosch vanaf 1919. (Biblioteek van Univ. van Stellenbosch).

3. Gedenkboek van die Victoria Kollege 1918.

4. Die Huisgenoot, 23.1.31. 'n Brokkie Stellenbosse Geskiedenis deur J. D. Krige.

5. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1939.

DOKUMENTE:

1. By die Kantore van die Registrateur van Aktes Kaapstad:

(a) Transporte van Wilgenhof vanaf 1817.

(b) Stellenbosch Quitrents Vol. II, 1817.

(c) Objects of the Wilgenhof Board of Directors 2/12/1907.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. Kaarte:

(a) Stellenbosch deur W. F. Hertzog 20/8/1817.

(b) Stellenbosch (Datum en Kartograaf onbekend).

(Bogenoemde kaarte is te sien by die Magistraatskantoor en die Munisipale kantore van Stellenbosch).

3. By die sekretaris van die huiskomitee van Wilgenhof die volgende:

(a) Notule van Wilgenhof huisvergaderings 1906-1939, Vole. I, II en III.

(b) Wilgenhof Log vanaf 1903.

(c) Finansies van die leeskamer vanaf 1917.

INFORMASIE:

(a) J. D. Krige, huisvader van „Prima", oor „Het te Huis" en losies tot 1903.

(b) C. M. Neethling, sekretaris en penningmeester van die Board of Directors, oor Concordia en Wilgenhof.

(c) Mev. Schoeman van „Eikehof", George, oor Wilgenhof vanaf 1875 tot 1894.

(d) Dr. W. Joubert, huisvader van Wilgenhof 1912 tot 1920, en Mnr. P. J. Roos en Dr. G.B. A. Gerdener, assistent-huisvaders.

(e) Mnre. D. Mostert, gewese stadsklerk, J. E. Immelmann en G. E. Rowan (herinneringe vanaf 1875).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(f) Die volgende oud-voorsitters, Primarii en sekretarisse: Prof. E. T. Stegmann, Mnre. A. S. du Plessis en A. W. van der Horst, en Dr. A. L. Geyer oor die tydperk voor 1920.

Na 1920: Mnre. H. S. van der Walt, J. J. Buhr, J. H. van der Walt, E. P. Stals, H. de V. Coetzee, J. de Vos, F. Kellermann en Di. B. J. Marais en T. de J. van Arkel.